Sanlam
Welvaartmeesters™

# Opgesomde Resultate 2018

# INHOUD


| | | |
|---|---|---|
| 01 **Oorsig** | Inleiding | **1** |
| | Hooftrekke | **2** |
| | Uitvoerende oorsig | **3** |
| | Kommentaar op resultate | **5** |
| 02 **Opgesomde finansiële state** | Finansiële inligting | **26** |
| | Staat van finansiële posisie | **29** |
| | Staat van omvattende inkomste | **30** |
| | Staat van veranderinge in ekwiteit | **31** |
| | Kontantvloeistaat | **32** |
| | Aantekeninge tot die finansiële state | **33** |
| 03 **Administrasie** | Kennisgewing van die algemene jaarvergadering | **52** |
| | Aandeelhouersdagboek | **76** |
| | Administrasie | **BAB** |


## Verdienste

- Netto resultaat van finansiële dienste styg met 4%
- Dividend per aandeel van 312 sent, op met 8%

## Besigheidsvolumes

- Netto waarde van nuwe gedekte besigheid styg met 8% tot R2 miljard (op met 14% in konstante valuta)
- Netto marge van nuwe gedekte besigheid van 2,8% op 'n konstante ekonomiese grondslag (2,94% in 2017)
- Nuwebesigheidsvolumes styg met 1% tot R223 miljard
- Netto fondsinvloeie van R42 miljard in vergelyking met R37 miljard in 2017

## Groep Ekwiteitswaarde

- Groep Ekwiteitswaarde per aandeel van R63,41
- Opbrengs op Groep Ekwiteitswaarde per aandeel van 11,6%
- Aangepaste Opbrengs op Groep Ekwiteitswaarde per aandeel van 19,4%; oorskry teiken van 13,0%

## Kapitaalbestuur

- R7,9 miljard van kapitaal ingesamel en vrygestel; R13,5 miljard aangewend vir strategiese beleggings
- Aankoop van oorblywende 53% belang in Saham Finances gefinaliseer
- BBSEB transaksie aanvaar deur aandeelhouers; implementering beplan vir die eerste helfte van 2019
- Sanlam Groep SAM dekkingsverhouding van 215% (2017: 218%); Sanlam Lewensversekering Beperk SAM dekkingsverhouding vir gedekte besigheid van 221% (2017: 233%)

# INLEIDING

**Beste Aandeelhouer**
Dit is met trots dat ek ons 2018-resultate deur hierdie opsomming van ons 2018 Sanlam Jaarverslag aan u voorlê. Sanlam het in ooreenstemming met die Direksie se verwagtinge presteer en het volgehou om waarde te skep ten spyte van ekonomiese en sosiale uitdagings in die meeste lande waarin ons sake doen.

Ons soliede strategie was weereens ’n beduidende bydraer om bevredigende prestasie te lewer.

Behalwe die hooftrekke van ons resultate sluit hierdie publikasie ook ’n uitvoerende oorsig van ons prestasie in 2018 in, asook ons kommentaar op hierdie resultate wat op 7 Maart 2019 op die Johannesburgse en Namibiese aandelebeurse vrygestel is.

Dokumente wat die kennisgewing van Sanlam se Algemene jaarvergadering vergesel, word afsonderlik as deel van hierdie opgesomde uitgawe van ons jaarresultate ingesluit.

Soos ons vroeër aan ons aandeelhouers gekommunikeer het, het die veranderende vereistes met betrekking tot finansiële verslagdoening en korporatiewe beheer oor die afgelope paar jaar lywige jaarverslae tot gevolg gehad. Die voortdurende druk van sulke omvattende verslae het ’n negatiewe impak op ons koolstofvoetspoor en ons pogings om volhoubaarheid te bevorder.

Die produksie- en versendingskoste van sulke lywige verslae het ook die hoogte ingeskiet. Ons het dus die statutêre intervensie verwelkom wat dit vir ons moontlik maak om omvattende en lywige gedrukte jaarverslae met kostedoeltreffende, verantwoordelike en deursigtige kommunikasie oor ons prestasie te vervang.

Afsonderlik van hierdie opgesomde resultate kan u volledige besonderhede van ons 2018-prestasie besigtig in ons omvattende jaarverslag en volhoubaarheidsportaal op ons webwerf www.sanlam.com.

Ek is seker u sal saam met my stem dat ons prestasie in 2018 die Sanlam Groep se verbintenis tot die groei van ’n volhoubare maatskappy wat sy beloftes nakom, bevestig, en ek dank u vir u volgehoue ondersteuning.

**Johan van Zyl**
*Voorsitter*

# HOOFTREKKE

vir die jaar geëindig 31 Desember 2018

| | | 2018 | 2017 | △ |
|---|---|---|---|---|
| **SANLAM GROEP** | | | | |
| **Verdienste** | | | | |
| Netto resultaat van finansiële dienste per aandeel | sent | **423,6** | 417,2 | 2% |
| Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel[1] | sent | **431,5** | 480,0 | -10% |
| Verwaterde wesensverdienste per aandeel | sent | **441,1** | 481,3 | -8% |
| Netto resultaat van finansiële dienste | R miljoen | **8 890** | 8 549 | 4% |
| Genormaliseerde wesensverdienste[1] | R miljoen | **9 056** | 9 835 | -8% |
| Wesensverdienste | R miljoen | **9 162** | 9 757 | -6% |
| Dividend per aandeel | sent | **312** | 290 | 8% |
| **Besigheidsvolumes** | | | | |
| Nuwebesigheidsvolumes | R miljoen | **223 029** | 221 172 | 1% |
| Netto fondsinvloeie | R miljoen | **41 539** | 37 143 | 12% |
| Netto nuwe gedekte besigheid | | | | |
| Waarde van nuwe gedekte besigheid | R miljoen | **1 985** | 1 841 | 8% |
| HWNBP van gedekte besigheid[2] | R miljoen | **74 378** | 62 604 | 19% |
| Marge van nuwe gedekte besigheid[3] | % | **2,67** | 2,94 | |
| **Groep Ekwiteitswaarde** | | | | |
| Groep Ekwiteitswaarde | R miljoen | **134 052** | 121 763 | 10% |
| Groep Ekwiteitswaarde per aandeel | sent | **6 341** | 5 940 | 7% |
| Opbrengs op Groep Ekwiteitswaarde per aandeel[4] | % | **11,6** | 14,8 | |
| **SOLVENSIE** | | | | |
| Sanlam Groep KTV dekkingsverhouding | % | **215** | 218 | |
| Sanlam Lewensversekering KTV dekkingsverhouding – gedekte besigheid | % | **221** | 233 | |

**Nota**

(1) *Genormaliseerde wesensverdienste = wesensverdienste uitgesluit fondsoordragte.*

(2) *HWNBP = huidige waarde van nuwebesigheidspremies en is gelykstaande aan die huidige waarde van nuwe herhalende premies plus enkelpremies.*

(3) *Marge van nuwe gedekte besigheid = waarde van nuwe gedekte besigheid as 'n persentasie van HWNBP.*

(4) *Groei in Groep Ekwiteitswaarde per aandeel (met dividende betaal, kapitaalbewegings en koste van verkrygde tesourie-aandele teruggeskryf) as 'n persentasie van Groep Ekwiteitswaarde per aandeel aan die begin van die jaar.*

# UITVOERENDE OORSIG

Ons het in 2018 goeie vordering gemaak met die uitvoering van ons strategiese pilare soos na verwys in die Groep Hoof Uitvoerende Beampte se verslag in die Geïntegreerde verslag. Ons federale model en gediversifiseerde profiel het ’n beduidende bydrae gelewer en ’n tweeledige fokus moontlik gemaak op die groei van ons bestaande ondernemings en die sluiting van nuwe korporatiewe transaksies om toekomstige groei te dryf. Hierdie toegewyde fokus op strategiese uitvoering het dit vir ons moontlik gemaak om gedurende 2018 sterk groei en ook die afgelope 10 jaar dubbelsyfer-gemiddelde groeikoerse in die meeste van die belangrikste prestasie-aanwysers aan te teken. Hoogtepunte vir die jaar sluit twee belangrike transformerende transaksies in wat ons goed posisioneer vir volhoubare toekomstige groei: die verkryging van die oorblywende belang in Saham Finances in Oktober 2018 en die goedkeuring van ’n pakket van Breë-Basis Swart Ekonomiese Bemagting-transaksies (BBSEB) deur aandeelhouers in Desember 2018. Groei van 14% in die waarde van nuwe gedekte besigheid op ’n konstante ekonomiese grondslag en meer as R2 miljard in positiewe ervaringsvariasies, is bewys van Sanlam se veerkragtigheid in moeilike tye.

Ons het 2018 afgeskop met nuwe optimisme oor Suid-Afrika. Die verkiesing van mnr. Cyril Ramaphosa as president van die ANC en Suid-Afrika het op ’n gunstiger bedryfsomgewing gedui. Korporatiewe en individuele beleggersvertroue het skerp toegeneem, maar dit was van korte duur. Daar is gou besef dat dit langer sou neem as wat verwag is om die positiewe veranderinge in sterker ekonomiese groei te omskep. Beleggersvertroue het gevolglik afgeneem, vererger deur internasionale verwikkelinge insluitend ’n bestendige verhoging in die VSA Federale Raad se beleidsrentekoers, die onsekerhede oor Brexit en ’n eskalerende handelsoorlog tussen die VSA en Sjina. Bedryfstoestande in Suid-Afrika was gevolglik steeds uitdagend, met lae ekonomiese groei, negatiewe opbrengste op die plaaslike aandelemark en ’n onbestendige geldeenheid. Die negatiewe opbrengs van 9% vir die JSE/FTSE Indeks van Alle Aandele vergeleke met ’n positiewe opbrengs van 21% in 2017 het in 2018 ’n beduidende impak op die Opbrengs op Groep-ekwiteitswaarde (GEW) en verdienstegroei gehad.

Ekonomiese groei in verskeie van die ander belangrike opkomende markte waarin ons sake doen, was ook beperk. Aandelemarkte in die meeste van hierdie markte het ook negatiewe groei getoon, wat groot druk uitgeoefen het op ons vermoë om verdienste te groei en waarde vir ons kliënte te skep. Die geldeenhede van olieproduserende lande, veral Nigerië en Angola, het swak gebly.

Ondanks hierdie uitdagings het die Groep sterk algehele groei in die belangrikste prestasie-aanwysers behaal. Dit is aangehelp deur ons diversifikasie in verskilende geografieë, marksegmente en besigheidslyne.

Die belangrikste hoogtepunte en uitdagings vir die jaar was die volgende:

| Hoogtepunte | Uitdagings |
|---|---|
| Aangepaste Opbrengs op GEW van 19,4% per aandeel het die teiken van 13% oorskry | Swak beleggingsmarkte het winsgewendheid van beide Sanlam Beleggingsgroep (SB) en Sanlam Persoonlike Finansies (SPF) negatief beïnvloed |
| Uitstekende onderskrywingsprestasie deur Santam | Nuwebesigheidsvolumes by SB en Glacier onder druk as gevolg van lae beleggersvertroue |
| Sterk groei in WNB, met uitmuntende prestasie deur Sanlam Sky en Sanlam Korporatief | Ongunstige groeprisiko-eise-ervaring het in 2018 voortgeduur |
| Voortsetting van historiese prestasie van positiewe ervaringsvariansies deur gedekte besigheid – het vir die eerste keer R2 miljard oorskry. Positiewe afwykings deur alle groeperings en uit verskillende bronne | Onderprestasie in Oos-Afrika en by Letshego |
| Saham Finances verkryging afgehandel en gekonsolideer vanaf 1 Oktober 2018. | Saham Finances 2018 resultate geaffekteer deur ongunstige eise-ervaring en laer beleggingsmarges |
| ’n Pakket van BBSEB-transaksies goedgekeur en suksesvolle boekbou van R5,5 miljard in Maart 2018 wat uitgereikte aandelekapitaal met 3% verhoog | |

# KOMMENTAAR OP DIE RESULTATE

## Grondslag van aanbieding en rekeningkundige beleide

Die Sanlam Groep se finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2018 word aangebied op grond van en in nakoming van die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS). Behalwe vir die aanvaarding van IFRS 9 *Financial Instruments*, en IFRS 15 *Revenue from Contracts with Customers*, stem die grondslag van aanbieding en rekeningkundige beleide vir die IFRS finansiële state in alle wesenlike opsigte ooreen met dié wat in die 2017 Geïntegreerde Verslag en Finansiële Jaarstate toegepas is. Afgesien van die onderstaande stem die grondslag van aanbieding en rekeningkundige beleide vir die Aandeelhouersinligting ook in alle wesenlike opsigte ooreen met dié wat in die 2017 Geïntegreerde Verslag gebruik is:

- Die SB groepering is met ingang van 1 Januarie 2018 herstruktureer. Ná die skepping van die Sentrale Kredietbestuurder (CCM) binne Sanlam Kapitaalmarkte (SCM), is daar besluit om die fokus op die bestuur van Sanlam-bates binne die SIG-groepering verder te verbeter en terselfdertyd 'n derde party batebestuurder te skep wat meer doeltreffend met toonaangewende onafhanklike batebestuurders kan meeding. Die Sanlam Batebestuur-afdeling en die deel van Sanlam Gestruktureerde Oplossings wat verantwoordelik is vir die Sanlam-bates is gevolglik met SCM gekombineer om die nuwe subgroepering, Sanlam Gespesialiseerde Finansies (Sanfin), te skep. Vergelykende Aandeelhouersinligting is dus hersaamgestel, afgesien van Groep Ekwiteitswaarde (GEW) wat nie vir Sanlam Batebestuur herbereken is nie. Die waardasie van Sanlam Batebestuur as 'n afsonderlike besigheid is eers gedurende 2018 gefinaliseer. Vergelykende GEW-waardasies is nie beskikbaar nie omdat die besigheid met ingang van 1 Januarie 2018 vir GEW-doeleindes na Sanfin oorgedra is. Aangesien dit 'n oordrag binne in 'n groepering was, het dit nie 'n impak op GEW of Opbrengs op GEW vir die SB-groepering in die geheel gehad nie. As deel van die herstrukturering is operasionele verantwoordelikheid vir die Groep se termynfinansierings-margebesigheid ook van die Groepkantoor na Sanlam Gespesialiseerde Finansies oorgedra. Gebaseer op wesenlikheid is vergelykende inligting nie vir hierdie verandering in operasionele verantwoordelikheid hersaamgestel nie.
- Nie-annuïteitsbates en besigheidsvloeie by Santam Private Welvaart is van Bates onder Bestuur geherklassifiseer na Bates onder Administrasie in ooreenstemming met bedryfspraktyk. Besigheidsvloeie wat met hierdie bates verband hou, is dus nie by nuwebesigheidsvolumes en netto fondsvloeie ingesluit nie. Vergelykende 2017-inligting vir SB en die Groep is soos volg herbereken:
    - o Nuwebesigheidsvolumes het met R9 016 miljoen gedaal
    - o Netto fondsvloeie het met R2 568 miljoen gestyg
    - o Herklassifikasie van bates ter waarde van R98 446 miljoen van bates onder bestuur na bates onder administrasie.
    - o Spaarbesigheid wat deur die Sanlam Sky-distribusiekanale geskryf is, word met ingang van 2018 binne die SPF Spaarbesigheid ingesluit. Vergelykende inligting is nie hersaamgestel nie. Die 2018 SPF Spaarresultate sluit

nuwebesigheidsvolumes van R118 miljoen en VNB van ’n negatiewe R15 miljoen in met betrekking tot besigheid wat voorheen in Sanlam Sky aangegee is.

Alle groeipersentasies wat in hierdie oorsig aangegee word, hou verband met die 12 maande geëindig 31 Desember 2017, tensy anders aangedui.

Die 3% nuwe aandele wat uitgereik is deur die versnelde boekopbou in die eerste kwartaal (sien Kapitaalbestuur-gedeelte) het ’n verwateringsuitwerking van 2,3% op verdienste per aandeel gehad weens ’n styging in die geweegde gemiddelde aantal aandele wat gedurende die jaar uitgereik is. Die verkryging van die oorblywende belang in Saham Finances, waarvoor die kapitaal verkry is, is afgehandel en het eers vanaf 1 Oktober 2018 tot verdienste begin bydra.

Korporatiewe bedrywigheid gedurende 2017 en 2018 het ’n impak op die vergelykbaarheid van die Groep se resultate gehad. Die volgende was die grootste transaksies:

- SPF het met ingang van 1 September 2017 ’n belang van 53% in BrightRock verkry. Aandele wat ná die aanvanklike verkryging bekom is, het Sanlam se belang teen 31 Desember 2018 tot 55,1% verhoog.
- SPF het Indie in 2017 as ’n nuwe besigheid begin, en aanvangsverliese is in 2018 én 2017 in verdienste aangegee.
- SOM het sy belang in die Enterprise Groep in Ghana met ingang van 1 Julie 2017 verkoop.
- Absa Konsultante en Aktuarisse (hernoem ACA Werknemervoordele (ACA)) is met ingang van 1 April 2018 verkry.
- Saham Finances is met ingang van 1 Oktober 2018 gekonsolideer. Vóór hierdie datum is die Groep se belegging in Saham Finances as ’n ekwiteitsverantwoorde belegging aangegee. Die onderstaande tabel is ’n opsomming van Sanlam se winsdeling in Saham Finances se verdienste, nuwebesigheids-volumes, WNB en netto fondsvloeie op grond van die veranderinge en aandelebelange.

| Tydperk | Sanlam Groep | SEM | Santam |
|---|---|---|---|
| 1/1/2017 – 30/4/2017 | 30% | 22,5% | 7,5% |
| 1/5/2017 – 31/12/2017 | 46,6% | 39,63% | 6,97% |
| 1/1/2018 – 30/9/2018 | 46,6% | 39,63% | 6,97% |
| 1/10/2018 – 31/12/2018 | 100% | 90% | 10% |

Die impak van korporatiewe bedrywigheid word, waar tersaaklik, in die res van hierdie oorsig uitgelig.

Die strukturele inligting wat in hierdie verslag ingesluit is, is aangebied om die impak van veranderinge in die groepstruktuur te illustreer en is die verantwoordelikheid van die Groep se direksie (“Raad”). Dit word slegs vir illustratiewe doeleindes aangebied omdat die aard daarvan nie die Groep se finansiële posisie, veranderinge in ekwiteit, gevolg van bedrywighede of kontantvloei redelik mag voorstel nie.

Sanlam se eksterne ouditeur het 'n beperkte gerusstellingsverslag ten opsigte van die konstante strukturele-inligting uitgereik ingevolge afdeling 8 van die JSE se Noteringsvereistes. Die beperkte gerusstellingsverslag is ter insae beskikbaar by Sanlam Beperk se geregistreerde adres.

## Verdienste

Genormaliseerde toeskryfbare verdienste het in 2018 met 5% gestyg, 'n funksie as gevolg van 'n 8% daling in genormaliseerde wesensverdienste en 'n aansienlike styging in verdienste erken by die (geagte en werklike) vervreemding van filiale en geassosieerde maatskappye.

**Inkomstestaat van die aandeelhouersfonds vir die jaar geëindig 31 Desember 2018**

| R miljoen | 2018 | 2017 | △ |
|---|---|---|---|
| Netto resultaat van finansiële dienste | **8 890** | 8 549 | 4% |
| Sanlam Persoonlike Finansies | **4 033** | 4 235 | -5% |
| Sanlam Opkomende Markte | **2 038** | 1 793 | 14% |
| Sanlam Beleggingsgroep | **1 152** | 1 227 | -6% |
| Santam | **1 196** | 851 | 41% |
| Sanlam Korporatief | **580** | 558 | 4% |
| Groepkantoor en ander | **(109)** | (115) | 5% |
| Netto beleggingsopbrengs | **707** | 1 663 | -57% |
| Netto belegingsinkomste | **644** | 846 | -24% |
| Netto belegingsurplusse | **63** | 817 | -92% |
| Projekkoste en amortisasie | **(536)** | (375) | -43% |
| Ekwiteitdelingskoste | **(5)** | (2) | >-100% |
| **Genormaliseerde wesensverdienste** | **9 056** | 9 835 | -8% |
| Wins met vervreemding van filiale en geassosieerde maatskappye | **2 773** | 1 335 | >100% |
| Waardedalings | **(305)** | (303) | – |
| Netto ekwiteit-erkende nie-wesensverdienste | **(3)** | 134 | >-100% |
| **Genormaliseerde toeskryfbare verdienste** | **11 521** | 11 001 | 5% |

***Netto resultaat uit finansiële dienste***

Die netto resultaat uit finansiële dienste (netto bedryfswins) van R9 miljard was 4% hoër as in 2017, met 'n aansienlik groter bydrae deur Santam.

Die resultate is ondersteun deur korporatiewe bedrywigheid en 'n gunstige eise-omgewing by Santam in 2018 in vergelyking met groot katastrofiese gebeure in Junie en Oktober 2017 in die ooreenstemmende tydperk. Ná die normalisering hiervan was die netto resultaat uit finansiële dienste effens beter as in 2017.

**SPF** se netto resultaat uit finansiële dienste het met 5% gedaal (ook 5% laer op 'n bruto grondslag). Afgesien van korporatiewe bedrywigheid en nuwe groei-inisiatiewe was SPF se bydrae in lyn met 2017, weens die groot impak van die swak aandelemark-prestasie op fondsgebaseerde fooi-inkomste by Glacier, die Geslote Boek- en Spaar-besigheidseenhede.

**SPF se netto resultaat van finansiële dienste vir die jaar geëindig 31 Desember 2018**

| R miljoen | 2018 | 2017 | △ |
|---|---|---|---|
| Sanlam Sky en African Rainbow Lewensversekering | **1 268** | 1 228 | 3% |
| Herhalende Premie-subgroepering | **2 780** | 2 568 | 8% |
| Glacier | **1 190** | 1 753 | -32% |
| Lewensbeleggings | **651** | 1 260 | -48% |
| LISP | **539** | 493 | 9% |
| Strategiese Besigheidsontwikkeling | **374** | 351 | 7% |
| Sanlam Persoonlike Lenings | **422** | 375 | 13% |
| Ander | **(48)** | (24) | -100% |
| **Bruto resultaat van finansiële dienste** | **5 612** | 5 900 | -5% |
| Belasting op bruto resultaat van finansiële dienste | **(1 636)** | (1 679) | 3% |
| Nie-beherende belang | **57** | 14 | >100% |
| **Netto resultaat van finansiële dienste** | **4 033** | 4 235 | -5% |

*Sanlam Sky en African Rainbow Lewensversekering* se bruto winsbydrae het met 3% gestyg. Dit is 'n kombinasie van 5% groei by Sanlam Sky en aanvangskoste van R25 miljoen wat in 2018 aangegaan is om die nuwe African Rainbow Lewensversekering-besigheid tot stand te bring (beplande bekendstellingsdatum in die eerste helfte van 2019). Sterk nuwebesigheidsgroei by Sanlam Sky (sien Besigheidsvolumes-gedeelte) het daartoe bygedra dat hoër nuwebesigheidstremming in 2018 aangeteken is in lyn met die Groep se omsigtige rekeningkundige beleide, wat voorverkrygingskoste wat ten opsigte van versekeringskontrakte aangegaan en in verdienste erken is, in teenstelling met die kapitalisering en verspreiding daarvan oor die duur van die polisse. Afgesien van die bykomende nuwebesigheidstremming het Sanlam Sky se bruto resultaat van finansiële dienste met 10% gestyg. Dit weerspieël die toename in die grootte van die vankragboek. Sterfte-ervaring het in 2018 verbeter, maar is meer as geneutraliseer deur 'n effense verswakking in standhoudendheidservaring en negatiewe belegging en ander afwykings.

Die *Herhalende Premie-subgroepering* se bruto resultaat van finansiële dienste het met 8% gegroei. Uitgesluit BrightRock, was die bruto resultaat van finansiële dienste 15% hoër as in 2017. BrightRock ervaar baie sterk groei as 'n betreklik jong maatskappy, en nuwebesigheidstremming oorskry winsvrystellings uit die vankragboek. Dit dra dus steeds tot bedryfsverliese in SPF se verdienste by. Sterk groei in risikowins (BrightRock uitgesluit) is gedeeltelik geneutraliseer deur dalings van 3% en 4% onderskeidelik in die winsbydraes van die Spaar- en Geslote Boek-besighede. Risikowins het voordeel getrek uit die groter vankragboek, verbeterde eise-ervaring en grootliks onveranderde nuwebesigheidstremming gegewe geen groei in nuwebesigheidsvolumes uit die tradisionele risikobesigheidskanale (BrightRock uitgesluit). Verdienste uit die Spaar- en Geslote Boek-besighede is negatief beïnvloed deur die swak beleggingsmarkprestasie wat groei in bates onder bestuur onderdruk het, en dalende eenhede in die Geslote Boek.

Die swak beleggingsmarkprestasie en negatiewe veranderings in modellering en aannames het 'n baie groot impak op *Glacier* se wins op lewensbeleggings gehad. Die lewensbeleggingsportefeulje sluit produkte in waar Glacier deel in die absolute beleggingsopbrengs wat op die onderliggende batebasis verdien word. Hierdie produkte het 'n klein negatiewe beleggingsopbrengste in 2018 behaal in vergelyking met dubbelsyfer positiewe opbrengste in 2017, en bygedra tot 'n afname van R317 miljoen in fooi-inkomste. Swak beleggingsopbrengste en netto uitvloeie van gewaarborgde besigheid het ook fooi-inkomste uit die ander spaarbesigheidslyne onder druk geplaas. Die LISP-besigheid se wins het met 9% gestyg. Die verswakking van die randwisselkoers en goeie vraag na internasionale produkte het die algehele bates onder bestuur van die LISP-besigheid teen die swakker prestasie van die Suid-Afrikaanse aandelemark beskerm. Kostebesparingsinisiatiewe het ook 'n positiewe uitwerking gehad.

*Strategiese Besigheidsontwikkeling (SBD)* se wins het met 7% gestyg. Groei in die grootte van die Sanlam Persoonlike Lenings-boek het die 12%-groei in die besigheid se winsbydrae ondersteun. Voorsiening vir slegte skuld is vermeerder in ooreenstemming met die vereistes van IFRS 9, wat met ingang van 2018 toegepas is.

**SOM** het sy netto resultaat van finansiële dienste met 14% gegroei – 21% hoër as die styging in nuwebesigheidstremming wat ooreenkomstig die Groep se omsigtige rekeningkundige beleide erken is, uitgesluit word. Afgesien van korporatiewe bedrywigheid is verdienste effens hoër as in 2017 (8% hoër, groter nuwebesigheid-stremming uitgesluit). Voor aftrekking van belasting en nie-beherende belang het die resultaat van finansiële dienste ook met 14% gestyg. Behalwe Indië, soos hieronder aangetoon, het veranderinge in die randwisselkoers nie 'n groot impak op die omgerekende SOM-verdienste gehad nie.

**SOM se netto resultaat van finansiële dienste vir die jaar geëindig 31 Desember 2018**

| R miljoen | 2018 | 2017 | △ |
|---|---|---|---|
| Namibië | **412** | 535 | -23% |
| Botswana | **916** | 872 | 5% |
| Res van Afrika | **1 166** | 790 | 48% |
| Saham Finances (insluitende Libanon) | **1 055** | 545 | 94% |
| Enterprise Groep Ghana | **–** | 30 | -100% |
| Ander | **111** | 215 | -48% |
| Pan-Afrika-portefeulje | **2 494** | 2 197 | 14% |
| Ander opkomende markte | **1 241** | 1 192 | 4% |
| Indië | **1 169** | 1 134 | 3% |
| Maleisië | **72** | 58 | 24% |
| Korporatief – Suid-Afrika | **38** | (78) | >100% |
| **Bruto resultaat van finansiële dienste** | **3 773** | 3 311 | 14% |
| Belasting op bruto resultaat van finansiële dienste | **(1 109)** | (936) | -18% |
| Nie-beherende belang | **(626)** | (582) | -8% |
| **Netto resultaat van finansiële dienste** | **2 038** | 1 793 | 14% |

Die Pan-Afrika-portefeulje se bruto resultaat van finansiële dienste het met 14% gestyg:

- *Namibië* se resultaat van finansiële dienste het met 23% gedaal. Korporatiewe bedrywigheid het daartoe gelei dat Bank Windhoek in 2017 van 'n filiaal na 'n geassosieerde maatskappy van Capricorn Investment Holdings (CIH) verander het. As 'n filiaal is Bank Windhoek se bruto verdienste ingesluit by die CIH bruto resultaat van finansiële dienste en is Bank Windhoek se nie-beherende belang as 'n afsonderlike komponent in die netto resultaat van finansiële dienste erken. As 'n geassosieerde maatskappy, word slegs CIH se effektiewe belang in Bank Windhoek se verdienste in die bruto resultaat van finansiële dienste erken. Uitgesonderd hierdie verandering in rekeningkundige hantering, asook die bykomende nuwebesigheidstremming in die lewensversekeringsbesigheid (sien hieronder), het die bruto resultaat van finansiële dienste met 9% gestyg.

  Lewensversekering se bruto resultaat van finansiële dienste het met 22% verswak, hoofsaaklik as gevolg van 'n beduidende toename in nuwebesigheidstremming weens die sterk groei in nuwebesigheidsvolumes in die intreevlakmark. Dit uitgesluit het bedryfswins met 24% gestyg. Groeplewenseise-ervaring het in die tweede helfte van die jaar verbeter, en algehele risikowins was hoër as in 2017. Fondsonttrekkings van R2 miljard deur die Pensioenfonds vir Staatsinstellings aan die einde van 2017 en 'n verdere R1 miljard in 2018, tesame met 'n swak aandele-markprestasie, het fooi-inkomste en die bruto resultaat van finansiële dienste van die batebestuurbesigheid afgedruk. Laasgenoemde het met 10% gedaal. Santam Namibië het gesukkel om sy premiebasis in uitdagende bedryfstoestande te groei. Bruto geskrewe premies het met 5% gedaal en die bruto resultaat van finansiële dienste het met 17% verswak. Verdienste van kredietbesigheid het met 22% afgeneem (7% hoër, die impak van die verandering in rekeningkundige hantering van Bank Windhoek uitgesluit). Die relatief lae groei weerspieël die swak algemene bedryfsomgewing in Namibië en likiditeitsbeperkings binne die banksektor.

- Die *Botswana*-besighede het gemengde resultate behaal met 'n algehele verbetering van 5% in die bruto resultaat van finansiële dienste. Lewensversekeringswins het met 14% gestyg. Annuïteite het onderpresteer weens lae nuwebesigheidsvolumes, maar goeie groei in die begrafnis-, groepkredietlewens- en termynversekeringsprodukte het meer as vergoed daarvoor. Letshego se bruto verdienste was in ooreenstemming met dié in 2017 weens die gesamentlike uitwerking van beperkte groei in die grootte van die leningsboek, bykomende voorsiening vir slegte skuld wat ooreenkomstig IFRS 9 erken is, en eenmalige uitgawes. 'n Nuwe besigheidsplan is onder leiding van 'n nuwe uitvoerende hoof opgestel om aandag aan die onderprestasie te gee. Die verswakking van die Botswana-aandelemark het druk uitgeoefen op die batebasis en fooi-inkomste van die beleggings-bestuurbesigheid, wat goed gevaar het om sy bruto verdienste met 1% te groei ondanks die uitdagende toestande. Verdienstebydraes van die ander Botswana-besighede was oor die algemeen in ooreenstemming met dié van die vorige jaar.

- Die *Res van Afrika* se bruto resultaat van finansiële dienste het met 48% verbeter:
  - o Saham Finances se bydrae het bykans verdubbel en is ondersteun deur korporatiewe bedrywigheid in 2018 en 2017. Die onderstaande tabel gee ’n ontleding van Saham Finances se verdienste op ’n 100%-grondslag vir albei jare. Dit skakel die verdraaiing veroorsaak deur veranderinge in aandeelhouding op ’n Sanlam-vlak uit. Die gemiddelde wisselkoers wat vir omrekeningsdoeleindes gebruik is, is R/MAD1.417 en R/MAD1.388 vir 2018 en 2017 onderskeidelik.

**Saham Finances se netto resultaat van finansiële dienste vir die jaar geëindig 31 Desember 2018**

| **R miljoen** | 2018 | **2017** | △ |
|---|---|---|---|
| **Bruto geskrewe premies** | **16 569** | 15 975 | 4% |
| Netto verdiende premies | **13 843** | 12 723 | 9% |
| Netto eise aangegaan | **(9 448)** | (8 537) | -11% |
| Netto kommissie | **(1 454)** | (1 289) | -13% |
| Bestuursuitgawes | **(2 645)** | (2 572) | -3% |
| **Onderskrywingsresultaat** | **296** | 325 | -9% |
| Beleggingsopbrengs op versekeringsfondse | **951** | 1 734 | -45% |
| Nie-versekeringsverdienste | **52** | 116 | -55% |
| Bruto resultaat van finansiële dienste | **1 299** | 2 175 | -40% |
| Belasting en nie-beherende belang | **(609)** | (1 078) | 44% |
| **Netto resultaat van finansiële dienste** | **690** | 1 097 | -37% |

Hooftrekke vir 2018:

- Bruto geskrewe premies het met 4% (8% in plaaslike geldeenheid) gestyg. Sien Besigheidsvolumes-gedeelte hieronder vir meer inligting.
- Bruto onderskrywingswins het met 9% gedaal, en lewensversekeringsverdienste het tot ’n verlies van R448 miljoen verminder (2017: verlies van R419 miljoen) as gevolg van beleggings in groei-inisiatiewe en algemene versekeringsverdienste wat in ooreenstemming met dié van 2017 was.
- Die gesamentlike algemeneversekering-verhouding was 95,9% (2017: 94,4%). Die volgende items het ’n impak op die algemeneversekeringsresultate gehad:
  - o Eenmalige aansporings van R28 miljoen is aan personeel betaal as deel van die integrasieproses ná verkryging.
  - o Algemeneversekeringseise-ervaring by Saham Maroc het gedurende die jaar verswak weens ’n toename in die frekwensie van motoreise en eenmalige brandeise in die vierde kwartaal van 2018, wat tradisioneel die beste kwartaal vir die Marokkaanse besigheid is.
  - o Angola se verlies het verminder van R40 miljoen in 2017 tot R29 miljoen in 2018. ’n Verbetering in eise-ervaring is gedeeltelik geneutraliseer deur ’n hoër kostebasis. ’n Swak wisselkoers het tot hoër uitgawe-inflasie bygedra.

  - o Libanon het ook 'n beter eise-omgewing ervaar, met 'n gesamentlike verhouding van 88,2% in 2018 (2017: 91,2%). Onderskrywingswins het gevolglik met 107% gestyg ondanks die druk op premiegroei (sien Besigheidsvolumes-gedeelte hieronder).
  - o Die ander streke het laer verdienste uit direkte versekering aangeteken, hoofsaaklik weens druk in die Ivoorkus.
  - o Herversekeringswins het met 11% verbeter van R232 miljoen in 2017 tot R257 miljoen in 2018.
- Beleggingsopbrengs verdien op versekeringsfondse het met 45% gedaal. Die onderliggende portefeuljes het tradisioneel aandeleblootstellings ingesluit wat voordeel getrek het uit positiewe beleggingsmarkopbrengste in 2017, terwyl die meeste markte in 2018 verswak het. Die verskil in relatiewe markprestasie het meer as R725 miljoen tot die daling bygedra. Die strategiese batetoedeling van hierdie portefeuljes sal as deel van die beplande kapitaalbestuurbedrywighede hersien word nadat Saham Finances verkry is en dit 'n volfiliaal geword het.

Relatiewe beleggingsmarkopbrengste en verskeie eenmalige items het 'n impak op Saham Finances se verdienste vir 2018 gehad. Die onderstaande tabel gee 'n ontleding van Saham Finances se toeskryfbare en genormaliseerde verdienste in die konteks van die koopsom.

**Ontleding van Saham Finances se verdienste**

| **R miljoen** | 2018 | **2017** |
|---|---|---|
| Netto resultaat van finansiële dienste | **690** | 1 097 |
| Netto beleggingsopbrengs | **172** | 110 |
| Netto finansieringskoste | **(160)** | (76) |
| Toeskryfbare verdienste | **702** | 1 131 |
| Valuta-omrekeningsverskille | **(124)** | 151 |
| Omvattende inkomste | **578** | 1 282 |
| Bedryfsaanpassings | **68** | – |
| Belastingaanpassing vir vorige jaar | **49** | – |
| Aansporings ná verkryging | **28** | – |
| Wins op verkoop van filiaal | **(80)** | – |
| Vermindering van befondsingskoste ná verkryging | **71** | – |
| Beleggingsmark-onbestendigheid | **387** | (271) |
| Aanpassings van waardasie teenoor markprys – opbrengs op versekeringsfondse | **86** | (371) |
| Aanpassings van waardasie teenoor markprys – netto beleggingsopbrengs | **123** | 215 |
| Depresiasie van Angolese geldeenheid | **178** | (115) |
| **Genormaliseerde omvattende inkomste** | **1 033** | 1 011 |
| Koopprys teen verskanste koers – 100%-belang | **25 914** | |
| Transaksie-prysverdienste-verhouding | **25** | 26 |

Verskeie sinergieë is gedurende die verkrygingsfases geïdentifiseer. Goeie vordering is reeds gemaak, met netto sinergieë van VSA$1 miljoen wat ná belasting en minderhede in 2018 gerealiseer is ná voorsiening vir integrasiekoste.

  - o Die ander Res van Afrika-besighede het 'n teleurstellende jaar gehad. Nigerië, Uganda en Zimbabwe het sterk groei behaal en hul gesamentlike bruto verdienste het met 66% gestyg. Dit is egter geneutraliseer deur onderprestasie in ander groot gebiede en die impak van die Ghana-verkoop in 2017. Ghana het R30 miljoen tot die bruto verdienste van 2017 bygedra.

- Die Zambiese gesondheidsbesigheid het eenmalige verliese van R32 miljoen gely wat voorsiening vir slegte skuld met betrekking tot bedrae wat deur die voormalige uitgekontrakteerde vennoot verskuldig is, ingesluit het. Die gesondheidsbesigheid is in die tweede helfte van 2018 oorgedra na Saham Finances, wat 'n goeie historiese prestasie het wat die winsgewende bestuur van hierdie soort besigheid in Afrika betref. 'n Verbetering in vooruitsigte kan reeds gesien word. Die Zambiese lewensbesigheid het ook 'n moeilike jaar beleef, met lae nuwebesigheidsproduksie en eenmalige uitgawes vir 'n kosteverminderingsinisiatief wat tot 'n gelykbreekposisie bygedra het. Regstellende stappe is ingestel, insluitende die hangende aanstelling van 'n nuwe uitvoerende hoof asook groter distribusie-ondersteuning vanaf 'n SOM-groeperingsvlak.

- Die bruto resultaat van finansiële dienste van die Malawiese lewensbesigheid het die 2018-begroting oorskry, maar steeds met 23% vanaf 'n hoë basis in 2017 verswak. Winsgewendheid van die algemeneversekeringsbesigheid was onder druk weens 'n hoë eise- en uitgawe-ervaring.

- Die Tanzaniese lewensbesigheid het 'n goeie jaar beleef en sy bydrae tot verdienste met 15% verhoog. Dit was egter nie genoeg om vir die onderprestasie van die algemeneversekeringsbesigheid te vergoed nie. Regulatiewe verandering in die algemeneversekeringsbedryf in Tanzanië het 'n verandering na 'n "geen premie geen dekking"-bedeling ingesluit. Dit het 'n eenmalige impak op produksie vir die huidige jaar én beëindigings binne die vankragboek gehad. Tesame met 'n swakker eise-ervaring het dit die algemeneversekeringsverdienste vir 2018 met R36 miljoen verminder in vergelyking met 2017.

- Die Kenia-besighede het 'n daling van 17% tot R25 miljoen aangeteken. Die lewensversekeringsbesigheid het verbeter en sterk groei getoon. Die batebestuurbesigheid het verwagtinge vir die jaar oortref en sy bydrae meer as verdubbel, deels aangehelp deur die verkryging van 'n beherende belang in die voormalige PineBridge-beleggingsbestuurbesigheid in 2017. Hierdie goeie prestasies is egter geneutraliseer deur eenmalige herstrukturerings- en administrasie-uitgawes van nagenoeg R20 miljoen. 'n Nuwe groep uitvoerende hoof met omvattende versekeringservaring is aangestel. Dit vul die aanstelling van die nuwe uitvoerende hoof van lewensversekering in 2017 aan. Dit versterk die bestuurspan en vooruitsigte vir die besigheid beduidend. Distribusie-ondersteuning op groeperingsvlak sal ook in 2019 gebied word om nuwebesigheidsproduksie te versnel.

Ander opkomende markte se bruto resultaat van finansiële dienste het met 4% gegroei.

- Die *Indiese* besighede het 'n goeie jaar beleef en hul bruto resultaat van finansiële dienste met 3% in rand (10% in plaaslike

geldeenheid) verbeter. Shriram Transport Finance het groei van 14% in plaaslike geldeenheid behaal en is deur goeie groei van sy leningsboek ondersteun. Die leningsboek van Shriram City Union Finance het ook met dubbelsyfers gegroei, maar ’n daling in netto rentemarge het groei in sy bedryfsverdienste tot 9% in plaaslike geldeenheid beperk. Likiditeitsbeperkings in die Indiese mark het befondsingskoste vir die besigheid verhoog. Die verdienste van Shriram General Insurance het met 13% in plaaslike geldeenheid gegroei en kan toegeskryf word aan ’n verbetering in onderskrywingswins. Uitbreidingskoste wat deur die lewensversekeringsbesigheid aangegaan is, is in die eerste twee jaar van die inisiatief as projekuitgawes erken ten einde kennis te neem van die feit dat dit geruime tyd sal neem voordat die groeiende vankragboek in hoër verdienste weerspieël word. Erkenning van hierdie uitgawes binne projekuitgawes is op 30 Junie 2018 gestaak en met ingang van 1 Julie 2018 is dit hertoegedeel aan bruto resultaat van finansiële dienste, wat groei in lewensversekeringsbedryfsverdienste tot 2% in plaaslike geldeenheid beperk het.

- Die *Maleisiese* besighede het in 2018 bevredigende groei getoon. Lewensversekeringswins het met 23% gestyg (17% in plaaslike geldeenheid) en voordeel getrek uit positiewe beleggings-afwykings en laer administratiewe uitgawes. ’n Meer gediversifi-seerde besigheidsboek het bygedra tot ’n verbetering in die algemeneversekeringseise-ervaring, en bedryfsverdienste uit hierdie besigheid het met 12% (6% in plaaslike geldeenheid) gestyg.

Die 18% styging in belasting op die inkomste van finansiële dienste sluit belastingaanpassings van R127 miljoen in Botswana, Kenia en Saham Finances (R82 miljoen ná nie-beherende belange) vir die vorige jaar in.

**SB** se algehele netto resultaat van finansiële dienste het met 6% gedaal.

**SB se bruto resultaat van finansiële dienste vir die jaar geëindig 31 Desember 2018**

| R miljoen | 2018 | 2017 | △ |
|---|---|---|---|
| Sanlam Beleggings (derdepartybesigheid) | **377** | 396 | -5% |
| Welvaartbestuur | **170** | 203 | -16% |
| Internasionaal | **515** | 401 | 28% |
| Korporatiewe dienste | **(16)** | (5) | >-100% |
| Beleggingsbestuur | **1 046** | 995 | 5% |
| Sanlam Gespesialiseerde Finansies | **496** | 582 | -15% |
| Sanlam Batebestuur | **204** | 196 | 4% |
| Sentrale Kredietbestuurder en ander | **292** | 386 | -24% |
| **Bruto resultaat van finansiële dienste** | **1 542** | 1 577 | -2% |
| Belasting op bruto resultaat van finansiële dienste | **(326)** | (336) | 3% |
| Nie-beherende belang | **(64)** | (14) | >-100% |
| **Netto resultaat van finansiële dienste** | **1 152** | 1 227 | -6% |

Die derdeparty *Sanlam Beleggings* bruto resultaat van finansiële dienste was 5% laer as in 2017. Die daling kan toegeskryf word aan 'n afname van R47 miljoen in prestasiefooie van R58 miljoen in 2017 tot R11 miljoen in 2018. Dit was as gevolg van geringe onderprestasie van ongeveer 0,3% in die groter portefeuljes weens die beduidende waardevermindering van eiendomme in die eerste kwartaal van 2018 en onderprestasie deur die opkomende-marktefonds. Prestasiefooie uitgesluit, het bruto bedryfsverdienste met 8% verbeter – 'n besonder bevredigende resultaat in die lig van die feit dat die gemiddelde vlak van die Suid-Afrikaanse aandelemark in 2018 geen groei getoon het nie. Satrix het goeie verdienstegroei aangeteken en die positiewe impak van netto fondsinvloeie het meer as vergoed vir druk op fooie in 'n uiters mededingende mark. Die derdepartykomponent van Sanlam Gestruktureerde Oplossings het ook 'n goeie jaar beleef en voordeel getrek uit verskeie nuwe struktureringstransaksies. Die ander besigheidseenhede het 'n daling in verdienste ervaar in ooreenstemming met geen groei in bates onder bestuur oor die algemeen, maar met administrasiekoste wat ooreenkomstig inflasie gestyg het.

*Welvaartbestuur* se bruto resultaat van finansiële dienste het met 16% verswak (3% laer uitgesluit Summit Trust wat in 2017 verkoop is en eenmalige prestasiefooie verdien uit 'n bepaalde kliënte-ooreenkoms in 2017). Die 3% daling is aansienlik as gevolg van administrasiekoste wat vir die opgradering van bedryfstelsels aangegaan is.

Die *Internasionale* besigheid se bruto resultate is positief beïnvloed deur die konsolidasie van Nucleus ná sy notering (in vergelyking met ekwiteitsrekeningkunde as 'n geassosieerde maatskappy tot 30 Junie 2018), sterk groei in bates onder administrasie by die platformbesigheid in Ierland danksy derdeparty-invloeie en groter internasionale toedeling in die Suid-Afrikaanse portefeuljes, en wins op eiendomsontwikkeling verdien deur Artisan. Buiten die verandering in rekenkundige hantering van Nucleus het bruto resultate met 12% verbeter.

*Sanlam Gespesialiseerde Finansies* het goed gevaar om die winsbydrae van die Sanlam Batebestuurder en die verwante afdeling van Sanlam Gestruktureerde Oplossings met 4% te groei teen die agtergrond van swak aandelemarkte. Die Gestruktureerde Oplossings-besigheid het hoër struktureringsfooi-inkomste verdien en sy aandeel erken in die wins wat verdien is op die Sanlam Lewens-effekte wat in Augustus 2018 uitgekeer het. Die opbrengs op die Sanlam Lewens-effekte is in 'n portefeulje van teenbates belê, met Gestruktureerde Oplossings wat gedeel het in die netto wins wat oor die tydperk tot die uitkeerdatum verdien is. Die res van die besighede is negatief beïnvloed deur verliese van ongeveer R40 miljoen wat verband hou met aandelegedekte bemagtiging-transaksies ná 'n daling in die onderliggende aandelepryse, en nagenoeg R70 miljoen ten opsigte van die nie-erkenning van inkomste op die Mayfair-sekuriteitslening. 'n Omsigtige benadering met betrekking tot die blootstelling is tydens die likwidasie van Mayfair Holdings en Mayfair Speculators gevolg.

Ná 'n jaar van groot katastrofiese gebeure in 2017 het **Santam** in 2018 'n redelik gunstige eise-omgewing beleef. Saam met aanvaarbare groei in netto verdiende premies het die maatskappy

bygedra tot ’n verbetering van 37% in die bruto resultaat van finansiële dienste (41% ná belasting en nie-beherende belang). Die konvensionele versekeringsboek het in 2018 onderskrywingswins van 9% (6% in 2017) aangeteken, wat heelwat hoër was as sy teikenband van 4% tot 8%. Wins op die motor- en eiendomsboeke – die grootste besigheidsklasse – het met 144% gestyg. Dit is aangedryf deur die afwesigheid van groot katastrofiese gebeure en minder ernstige kommersiële brande. Die totale winsbydrae van ander versekeringsklasse het met 32% gedaal. Ingenieurs-, ongeluks- en gesondheidsversekering het goed gevaar danksy beperkte eisebedrywigheid. Aanspreeklikheidsbesigheid het met verskeie groot eise te kampe gehad, insluitende die uitbreking van listeriose vroeg in 2018, terwyl die Waarborg-besigheid in die moeilike ekonomiese omgewing verliese gely het.

Die bestuursuitgaweverhouding was hoër in vegelyking met 2017, hoofsaaklik as gevolg van hoër veranderlike aansporingskoste in 2018, hoër regstreekse verkrygingskoste om groei-inisiatiewe by MiWay te ondersteun, asook bykomende onderskrywings-risikobestuurskoste aangegaan om die verliesverhouding vir alle produklyne te verbeter. ’n Voorsiening is opgestel om die likiditeitsprobleme by ’n derdeparty-invorderingsagentskap wat onder vrywillige kuratorskap geplaas is, in rekening te bring. Die 16%-verbetering in die bruto resultaat van finansiële dienste uit die SOM-beleggings weerspieël die voordeel van die Saham Finances korporatiewe transaksie. Saham Finances uitgesluit, was bruto verdienste uit die SOM-beleggings in ooreenstemming met 2017 as gevolg van die swakker prestasie van algemene versekering in SOM se Res van Afrika-porfeulje en goeie resultate van SGI in Indië (sien SOM-gedeelte hierbo).

**Sanlam Korporatief** se netto resultaat van finansiële dienste het met 4% gestyg (3% op ’n bruto grondslag). Die gedempte groei is veroorsaak deur voortgesette hoë groeprisiko-eise-ervaring. Dit het ’n algeheel goeie bedryfsprestasie verbloem. SEB se verdienste het met 3% verswak weens ’n daling van R66 miljoen (39%) in risikowins. Die sterfte- en ongeskiktheidseise-ervaring het in die tweede helfte van die jaar aansienlik verswak en sal waarskynlik ’n verdere hertarifering van premies in 2019 vereis. Die administrasie-eenhede was in 2018 winsgewend – ’n uitmuntende prestasie ná jare van bedryfsverliese. Die gesondheidsorgbesighede het bevredigende dubbelsyfergroei in bruto verdienste aangeteken, terwyl ACA ’n eerste bydrae van R54 miljoen gelewer het – heelwat meer as die besigheidsplan. Die nuwe korporatiewe oplossings-span wat in 2018 tot stand gekom het, het bygedra tot ’n styging in groeperingskoste van R7 miljoen in 2017 tot R32 miljoen in 2018.

***Genormaliseerde wesensverdienste***
Genormaliseerde wesensverdienste van R9,1 miljard was 8% laer in vergelyking met 2017. Dit is die gesamentlike uitwerking van die 4%-verbetering in die netto resultaat van finansiële dienste, ’n daling van 57% in netto beleggingsopbrengs verdien op die kapitaalportefeuje, ’n styging van 53% (R139 miljoen) in die amortisasie van ontasbare bates, asook ’n styging in netto projekuitgawes van R114 miljoen in 2017 tot R136 miljoen in 2018.

Netto beleggingsopbrengs is negatief beïnvloed deur:

- ’n Daling in aandele- en vasterentemarkte in die meeste gebiede waarin die Groep sake doen;
- Waardedaling van korporatiewe kredietblootstellings van nagenoeg R86 miljoen in Kenia; en
- Beleggingsopbrengs wat verloor is op die heraanwending van kapitaal vir strategiese verkrygings in 2017 en 2018.

Die amortisasie van die waarde van besigheidsverkreë ontasbare bates wat met die konsolidasie van Saham Finances erken is, het R117 miljoen bygedra tot die R139 miljoen-styging in die amortisasiekoste.

Netto projekuitgawes het eenmalige uitgawes van R56 miljoen ingesluit wat deur SB aangegaan is vir nuwe datavermoë en -platforms (insluitende groot data en gevorderde ontleedkunde) (2017: R8 miljoen), R22 miljoen as gevolg van omsigtigheids- en verwante uitgawes met betrekking tot die verkryging van Saham Finances (2017: R8 miljoen), Shriram Lewensversekering-uitbreidingskoste van R8 miljoen tot 30 Junie 2018 (2017: R26 miljoen) en R44 miljoen van SOM se projekverwante uitgawes op groeperingsvlak (2017: R42 miljoen).

**Genormaliseerde toeskryfbare verdienste**

Genormaliseerde toeskryfbare verdienste het met 5% gestyg van R11 miljard in 2017 tot R11,5 miljard in 2018. Die grootste bydraers tot wins op die vervreemding van filiale en geassosieerde maatskappye van R2,8 miljard is die verandering in die rekeningkundige hantering van Saham Finances (R1,8 miljard) en Nucleus (R0,7 miljard) van geassosieerde maatskappye na filiale. Ingevolge IFRS, wanneer ’n geassosieerde maatskappy ’n filiaal word, moet die voormalige belegging in die geassosieerde maatskappy onterken word as ’n geagte verkoop teen billike waarde en moet die filiaal ten volle erken word as ’n verkryging teen billike waarde. In wese word die wins op die verkoop van die geassosieerde maatskappy weerspieël in die erkenning van hoër ontasbare bates op die verkrygingsdatum van die filiaal. Die 2017 vergelykende wins op die verkoop van filiale en geassosieerde maatskappye het bestaan uit R1,2 miljard wat op die verkoop van die Enterprise Groep in Ghana gerealiseer is. Die waardedalings-uitgawe hou grootliks verband met die waardedalings erken op die beleggings in Letshego (R105 miljoen) en CIH (R96 miljoen) onderskeidelik. Letshego se bedryfsprestasie het nie in 2018 verbeter nie en ’n verdere afskrywing van die belegging genoodsaak. Die CIH-afskrywing het gevolg ná die daling in die prestasie van Bank Windhoek en die aandeleprys weens druk in die Namibiese banksektor.

**Besigheidsvolumes**

Nuwebesigheidsvolumes het met 1% gestyg te midde van druk op beleggersvertroue in Suid-Afrika en ’n hoë vergelykende basis in Botswana. Volumes van nuwe lewensversekeringsbesigheid het met 21% toegeneem, beleggingsbesigheidsinvloeie het met 8% afgeneem en verdiende algemeneversekeringspremies het met 19% gestyg. Veral laasgenoemde het voordeel getrek uit korporatiewe bedrywigheid. Netto fondsvloeie het met 12% vermeerder en alle groeperings behalwe SB het sterk groei aangeteken.

**Besigheidsvolumes vir die jaar geëindig 31 Desember 2018**

| | Nuwe besigheid | | | Netto invloeie | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **R miljoen** | 2018 | **2017** | △ | 2018 | **2017** | △ |
| Sanlam Persoonlike Finansies | **60 971** | 58 615 | 4% | **10 294** | 8 454 | 22% |
| Sanlam Opkomende Markte | **26 224** | 21 903 | 20% | **8 607** | 2 140 | 302% |
| Sanlam Beleggingsgroep | **99 696** | 114 391 | -13% | **7 214** | 18 678 | -61% |
| Santam | **22 812** | 21 435 | 6% | **8 986** | 7 265 | 24% |
| Sanlam Korporatief | **13 326** | 4 828 | 176% | **6 438** | 606 | 962% |
| **Totaal** | **223 029** | 221 172 | 1% | **41 539** | 37 143 | 12% |
| Lewensversekeringsbesigheid | **53 815** | 44 615 | 21% | **16 814** | 10 235 | 64% |
| Beleggingsbesigheid | **136 529** | 149 000 | -8% | **11 779** | 17 491 | -33% |
| Algemene versekering | **32 685** | 27 557 | 19% | **12 946** | 9 417 | 37% |
| **Totaal** | **223 029** | 221 172 | 1% | **41 539** | 37 143 | 12% |

**SPF** se nuwebesigheidsverkope het met 4% gestyg – 'n algeheel bevredigende resultaat onder moeilike toestande.

**SPF nuwebesigheidsvolumes vir die jaar geëindig 31 Desember 2018**

| **R miljoen** | 2018 | **2017** | △ |
|---|---|---|---|
| Sanlam Sky | **2 494** | 1 455 | 71% |
| Herhalende Premie-subgroepering en Strategiese Besigheidsontwikkeling | **3 412** | 2 838 | 20% |
| BrightRock | **410** | 64 | >100% |
| Ander | **3 002** | 2 774 | 8% |
| Glacier | **55 065** | 54 322 | 1% |
| Lewensbeleggings | **10 082** | 10 219 | -1% |
| LISP | **44 983** | 44 103 | 2% |
| **Nuwebesigheidsvolumes** | **60 971** | 58 615 | 4% |

*Sanlam Sky* se nuwe besigheid het met 'n uitsonderlike 71% (83% buiten die spaarbesigheid wat na die SPF Spaar-besigheid oorgedra is) gegroei. Die jaarlikse Capitec nuwe kredietlewensbesigheid van R566 miljoen wat in die eerste helfte van die jaar erken is, is aangevul deur 'n sterk aanvraag na die nuwe Capitec-begrafnisproduk, wat nuwe besigheid van R433 miljoen genereer het. Die tradisionele individuelelewens-tussengangerkanaal het sy groei voortgesit en nuwebesigheidsverkope met 13% vermeerder. Safrican se prestasie het in die tweede helfte van die jaar verbeter en groei van 9% is vir die volle jaar behaal.

Nuwebesigheidsvolumes in die *Herhalende Premie-subgroepering* en *Strategiese Besigheidsontwikkeling* het met 20% toegeneem. Risikobesigheidsverkope het met 51% gestyg. Sterk organiese groei by BrightRock is aangevul deur die strukturele impak van die verkryging wat gedurende 2017 aangegaan is. BrightRock uitgesluit, was nuwe risikobesigheidsverkope 3% hoër, met MiWayLife wat die groei verskaf het. Spaar en Persoonlike Lenings se kredietlewensverkope het met 10% toegeneem, met 'n sterk aanvraag na uittree-annuïteite wat gedeeltelik deur laer tradisionele uitkeerplanverkope geneutraliseer is.

*Glacier* nuwe besigheid het met slegs 1% gegroei. Primêre verkope op die LISP-platform het met 5% verbeter – 'n aanvaarbare resultaat in die lig van die druk op beleggersvertroue in die massa hoë-inkomstemark. Sekondêre verkope van Glacier-fondse het met 4% gedaal – saamvatfondsinvloeie was 7% laer omdat omsetting van platformbates verlangsaam het, maar 'n goeie aanvraag na internasionale toevoerfondse en die Artificial Intelligence Fund het 'n mate van verligting gebring. Verkope van lewensbeleggings het 'n algehele daling van 1% getoon, met 'n groot verandering in besigheid-samestelling van uitkeerplanne na gewaarborgde planne en lewensannuïteite.

Die BrightRock-bydrae en goeie verkope van enkelpremie LISP-besigheid het 'n algehele styging van 22% in SPF se netto fondsinvloeie ondersteun.

**SOM** se nuwebesigheidsvolumes het met 20% gestyg.

**SEM nuwebesigheidsvolumes vir die jaar geëindig 31 Desember 2018**

| **R miljoen** | 2018 | **2017** | △ |
|---|---|---|---|
| Namibië | **6 802** | 5 593 | 22% |
| Botswana | **5 833** | 7 137 | -18% |
| Res van Afrika | **10 655** | 6 360 | 68% |
| Saham Finances (insluitende Libanon) | **7 569** | 3 385 | 124% |
| Enterprise Groep Ghana | **–** | 130 | -100% |
| Ander | **3 086** | 2 845 | 8% |
| Pan-Afrika-portefeulje | **23 290** | 19 090 | 22% |
| Ander opkomende markte | **2 934** | 2 813 | 4% |
| Indië | **2 329** | 2 224 | 5% |
| Maleisië | **605** | 589 | 3% |
| **Nuwebesigheidsvolumes** | **26 224** | 21 903 | 20% |

*Namibië* het besonder goed gevaar om nuwebesigheidsvolumes met 22% te verhoog ondanks swak ekonomiese toestande. Nuwe lewens- én beleggingsbesigheid het sterk groei getoon. Binne die lewensversekeringsegment het die besigheidsamestelling na die meer winsgewende intreevlakmark verander.

Die beleggingbesigheid, wat met 24% verswak het, het die meeste afbreuk aan die groei van nuwe besigheid in die *Botswana*-besigheid veroorsaak. Hierdie produkte is histories meer wisselvallig van aard. Volumes van nuwe lewensversekeringsbesigheid het met 3% gedaal, en laer begrafnis- en annuïteitsverkope het goeie groei in groeplewensbesigheid geneutraliseer.

Die nuwebesigheidsgroei van 68% in die *Res van Afrika*-portefeulje was grootliks te danke aan korporatiewe bedrywighede met betrekking tot Saham Finances.

- Saham Finances se groei van 124% is deur korporatiewe bedrywighede ondersteun. Op 'n 100%-grondslag het bruto geskrewe premies met 4% (8% in plaaslike geldeenheid) toegeneem (lewensversekering het met 8% gestyg, algemene versekering was 3% hoër en herversekering 1% hoër) en netto verdiende premies het met 9% gestyg.

  - o Marokko het groei van 10% in bruto geskrewe premies aangeteken – ’n aanvaarbare prestasie in ’n mededingende mark. Hernuwings van kontrakte met nasionale banke het groei van 11% in Saham Assistance se bruto geskrewe premies ondersteun.
  - o Saham Angola se bruto geskrewe premies het met 31% afgeneem. Dit kan geheel en al aan ’n swakker Kwanza-wisselkoers toegeskryf word. In plaaslike geldeenheid het die besigheid steeds goeie groei aangeteken. Alle besigheidsklasse het dubbelsyfergroeikoerse behaal.
  - o Die Libanese versekeringsmark het in 2018 met 3% gekrimp, wat die swak ekonomiese omgewing weerspieël. Die Saham Finances-besigheid het goed gevaar om sy verswakking tot slegs 1,5% – die helfte van die bedryfsgemiddelde – te beperk. Die motorklas het ’n besonderse moeilike jaar beleef omdat ’n verlangsaming in kleinhandelkredietverlening motorverkope afgedruk het.
  - o Die CIMA-gebied het mededingende druk in die motormark en kleiner vraag na brandversekering deur verkennings-maatskappye ervaar. Dit het bygedra tot groei van slegs 4% in die bruto geskrewe algemeneversekeringspremies uit die ander Saham Finances-gebiede. Lewens- en gesondheids-versekering het ’n mate van ondersteuning gebied, met algehele groei van 7% oor alle besigheidsklasse heen.
  - o Herversekeringspremies was oor die algemeen in ooreenstemming met 2017.
- Die oorblywende deel van die Res van Afrika-portefeulje (uitgesonderd die Ghana-verkoop) het met 8% verbeter. Kenia, Malawi en Rwanda het onderpresteer, met sterk groei in die ander gebiede. Aandag word aan die areas van onderprestasie gegee deur ’n kombinasie van bestuursveranderinge en distribusie-ondersteuning op groeperingsvlak.

Die *Indiese* versekeringsbesighede het weereens goed gevaar en dubbelsyfergroei in lewens- en algemene versekering aangeteken. Binne die lewensversekeringsbesigheid het groep-enkelpremies van die kredietbesighede se kliëntebasisse besonders goed gevaar.

Die *Maleisiese* besighede het begin verbeter ná ’n tydperk van onderprestasie en hul algehele nuwebesigheidsbydrae het met 3% verhoog. Nuwebesigheidsproduksie voldoen nog nie aan verwagtinge nie, maar die besigheidsamestelling by albei besighede het verbeter.

Netto fondsinvloeie was meer as drie keer hoër en die meeste gebiede het tot die sterk groei bygedra.

Lae beleggersvertroue het ’n beduidende impak op **Sanlam Beleggings (SB)** se nuwebesigheidsvolumes gehad, wat met 13% gedaal het. Die internasionale besighede het sterk nuwe invloeie gelok (57% hoër), maar dalings in Suid-Afrika oor alle besigheidseenhede heen het dit meer as geneutraliseer. Institusionele nuwe invloeie was vir die volle jaar swak, terwyl kleinhandelinvloeie ook baie verlangsaam het nadat die jaar op ’n meer positiewe noot begin het. Verskeie strategiese inisiatiewe wat

daarop gemik is om markaandeel te verower, word geïmplementeer. Dit sluit nouer samewerking met Glacier en die pakket van BBSEB-transaksies wat in Desember 2018 deur aandeelhouers goedgekeur is, in. Verbeterde beleggers-vertroue sal egter 'n belangrike bepaler van toekomstige groei bly. Laer nuwebesigheidsvolumes, tesame met 'n onttrekking van R8,5 miljard uit 'n laemarge-indeks-spoorfonds wat op 'n uitgekontrakteerde grondslag vir 'n institusionele kliënt bestuur is, het bygedra tot 'n vermindering van 61% in netto fondsvloeie van R18,7 miljard in 2017 tot R7,2 miljard in 2018.

Bruto geskrewe premies by **Santam** het met 11% (9,5% buiten die impak van die Santam Structured Insurance-verkryging in 2017) gestyg – 6% op netto verdiende premies. Bruto geskrewe konvensionele versekeringspremies het met 'n bevredigende 7% gestyg, terwyl alternatiewe risiko-oordragpremies met 40% (26%, korporatiewe bedrywigheid uitgesluit) gegroei het. Intermediêre persoonlike en kommersiële produkte, MiWay en Namibië het druk op groei ervaar in moeilike ekonomiese toestande. Die eiendomsklas het met 12% gegroei ná sterk groei in die korporatiewe eiendomsmark weens herversekeringskapasiteitsbeperkings. Die motorklas het met 6% gegroei, met 'n 8% hoër bydrae van MiWay. Binne die gespesialiseerde klasse het ongeluks- en gesondheids-versekering met 11% gegroei danksy sterk vraag na reisversekering. Oesversekeringspremies het met 12% verminder ná laer opname. Die aanspreeklikheids- en vervoerklasse het groei van onderskeidelik 2% en 1% aangeteken te midde van 'n fokus op winsgewendheid. Groei van 3% in ingenieursversekering weerspieël die impak van minder groot konstruksiekontrakte binne 'n bedryf wat onder druk is.

**Sanlam Korporatief** het 'n uitsonderlike jaar beleef en nuwe lewensversekeringsbesigheidsvolumes het meer as verdubbel. Enkelpremies het met 109% gestyg, terwyl herhalende premies met 'n besonders bevredigende 56% toegeneem het. Lewenslisensie-besigheid is in 2018 van SB na Sanlam Korporatief herklassifiseer. Dit het algehele nuwebesigheidsgroei van 176% ondersteun. Die nuwebesigheidsprestasie weerspieël ook 'n beduidende verbetering in netto fondsvloeie.

Die Groep se algehele netto fondsinvloeie van R41,5 miljard in 2018 is 'n besonderse bevredigende prestasie gegewe die uitdagende marktoestande en groot institusionele onttrekking by SB.

### Waarde van nuwe gedekte besigheid

Die verdiskonteringskoers wat gebruik word om WNB te bepaal, is regstreeks aan langtermynkoerse gekoppel. Die verhoging van 50 basispunte en 60 basispunte in die Suid-Afrikaanse nege- en vyfjaarrigkoerse onderskeidelik gedurende 2018 het 'n ooreenstemmende verhoging in die risikoverdiskonteringskoers tot gevolg gehad, met 'n 6% negatiewe impak op algehele WNB-groei. WNB-marges was ook ongeveer 13 basispunte laer weens die hoër verdiskonteringskoers. Die sterk groei in Sanlam Sky en SEB se nuwebesigheidsvolumes was die grootste bydraers tot besonderse bevredigende groei van 14% in netto WNB op 'n konsekwente ekonomiese grondslag (KEG) (8% gebaseer op die werklike ekonomiese grondslag aan die einde van 2018). Algehele netto WNB-marges het op 'n KEG van 2,94% in 2017 tot 2,8% in 2018 gedaal, hoofsaaklik weens die onderprestasie in Oos-Afrika en 'n relatief kleiner bydrae van SEB se laermargebesigheid.

**Waarde van nuwe gedekte besigheid vir die jaar geëindig 31 Desember 2018**

| **R miljoen** | 2018 | **2017** | △ | **CEB** |
|---|---|---|---|---|
| Netto waarde van nuwe gedekte besigheid | **1 985** | 1 841 | 8% | 14% |
| Sanlam Persoonlike Finansies | **1 504** | 1 407 | 7% | 14% |
| Sanlam Opkomende Markte | **338** | 347 | -3% | -1% |
| Sanlam Beleggingsgroep | **–** | – | – | – |
| Sanlam Korporatief | **143** | 87 | 64% | 71% |
| Ná aftrekking van nie-beherende belang | **2 187** | 2 008 | 9% | 14% |
| Netto huidige waarde van nuwebesigheidspremies | **74 378** | 62 604 | 19% | 20% |
| Sanlam Persoonlike Finansies | **48 790** | 43 940 | 11% | 12% |
| Sanlam Opkomende Markte | **8 366** | 7 146 | 17% | 17% |
| Sanlam Beleggingsgroep | **3 334** | 3 259 | 2% | 2% |
| Sanlam Korporatief | **13 888** | 8 259 | 68% | 70% |
| Ná aftrekking van nie-beherende belang | **78 085** | 65 377 | 19% | 20% |
| Netto marge van nuwe gedekte besigheid | **2,67%** | 2,94% | | **2,80%** |
| Sanlam Persoonlike Finansies | **3,08%** | 3,20% | | **3,26%** |
| Sanlam Opkomende Markte | **4,04%** | 4,86% | | **4,11%** |
| Sanlam Beleggingsgroep | **–** | – | | **–** |
| Sanlam Korporatief | **1,03%** | 1,05% | | **1,06%** |
| Ná aftrekking van nie-beherende belang | **2,80%** | 3,07% | | **2,92%** |

**SPF** het algehele groei van 7% (14% op ’n vergelykende grondslag) behaal. Die sterk groei in nuwebesigheidsvolumes by Sanlam Sky het ’n groot positiewe impak op WNB gehad, wat met 16% (25% op ’n vergelykende grondslag) gestyg het. Capitec het R80 miljoen bygedra. Sanlam Sky se WNB-marge het ’n geringe daling getoon van 8,88% in 2017 tot 8,30% in 2018 weens ’n verandering in die besigheidsamestelling na laermarge-groepbesigheid. Die *Herhalende Premie-subgroepering* en *Strategiese Besigheidsontwikkeling* het groei van 13% aangeteken (23% op ’n KEG, en 20% op ’n KEG en BrightRock uitgesluit). MiWayLife het ’n welkome eerste bydrae van R11 miljoen gelewer, wat aangevul is deur goeie groei by BrightRock, ’n verandering in besigheidsamestelling na meer winsgewende besigheidsklasse, positiewe modelleringsveranderinge en laer verkrygingskoste. WNB-marges het dienooreenkomstig verbeter. Glacier het ’n 8%-daling (6% op ’n vergelykende grondslag) in WNB ervaar weens die verandering in die besigheidsamestelling van hoërmarge-uitkeerbesigheid na gewaarborgde en annuïteitsbesigheid.

Netto WNB by **SOM** het met 3% verswak (6% hoër op ’n KEG en uitgesluit Ghana en Saham Finances). Namibië het besonders goed gevaar ná die sterk groei in verkope in die intreevlakmark en sy netto WNB het met meer as 20% verhoog. Die meeste ander besighede het bevredigende groei behaal, behalwe Botswana, Kenia, Uganda en Malawi wat onderpresteer het in ooreenstemming met hul swak nuwebesigheidsproduksie en kleiner boekgroottes. Nigerië se bydrae was oor die algemeen in ooreenstemming met 2017 ondanks sterk nuwebesigheidsgroei, as gevolg van ’n eenmalige regulatiewe verhoging in kapitaalbehoeftes wat ’n hoër kapitaalkosteheffing tot gevolg gehad het. Saham Finances het R38 miljoen bygedra in vergelyking met R20 miljoen in 2017.

Die goeie groei in **Sanlam Korporatief** se herhalende- en enkelpremie-besigheid, tesame met modelleringsverbeterings, het 'n styging van 64% (71% op 'n vergelykende grondslag) in die groepering se WNB-bydrae ondersteun.

## Kapitaalbestuur

Die Groep het die jaar met diskresionêre kapitaal van R2 miljard begin, ná voorsiening vir die ACA-verkryging. Verskeie kapitaal-bestuuraksies in 2018, insluitende die Saham Finances-transaksie van $1 miljard (R13 miljard), het 'n impak op die saldo van beskikbare diskresionêre kapitaal gehad. Aan die einde van 2018 was diskresionêre kapitaal negatief omdat die goedgekeurde uitreiking van BBSEB-aandele nie voor die einde van die jaar afgehandel is nie aangesien daar nog op regulatiewe goedkeuring gewag word.

Sanlam-aandeelhouers het op die buitengewone algemene vergadering op 12 Desember 2018 'n BBSEB-kapitaalverkryging goedgekeur. Die kontant wat deur hierdie uitreiking verkry word, is bestem vir die terugbetaling van die interne skuld (R1,7 miljard) en die eksterne skuld (R2 miljard) wat aangegaan is ter gedeeltelike befondsing van die Saham Finances-verkryging, en vir die herstel van die diskresionêrekapitaalportefeulje tot 'n gepaste vlak. Alle regulatiewe goedkeuring is ontvang, behalwe van Mauritius. (Sodra hierdie goedkeuring verleen is, sal ons voortgaan met die uitreiking, onderhewig daaraan dat die Sanlam-aandeleprys binne die band van R74–R86 is wat deur aandeelhouers goedgekeur is.)

Diskresionêre kapitaal het op 31 Desember 2018 'n negatiewe R3,7 miljard beloop. Dit is gelykstaande aan die gesamentlike interne en eksterne skuld. Kontantopbrengste van R4,6 miljard sal aan die laer kant van die aandele-uitreikingsband (R74) verkry word, wat die diskresionêrekapitaalportefeulje tot nagenoeg R1 miljard sal herstel.

**Diskresionêre kapitaal op 31 Desember 2018**

| **R miljoen** | 2018 |
|---|---|
| Diskresionêre kapitaal op 31 Desember 2017 | **2 000** |
| Surplusdividenddekking | **693** |
| Kapitaal vrygestel uit Sanlam Lewens | **1 813** |
| Toegedeelde kapitaal | **1 500** |
| Surplusbeleggingsopbrengs | **313** |
| Kapitaal verkry deur versnelde boekopbouing | **5 455** |
| Beleggingsopbrengs en ander | **(104)** |
| Korporatiewe bedrywigheid | **(13 535)** |
| Suid-Afrika | **(267)** |
| Catalyst Fund Managers SA | **(168)** |
| Sanlam Private Wealth | **(96)** |
| Ander | **(3)** |
| Ander opkomende markte | **(12 913)** |
| Saham Finances | **(12 983)** |
| Sanlam Investments East Africa | **101** |
| Sanlam General Insurance Uganda | **(19)** |
| Ander | **(12)** |
| Ontwikkelde markte | **(355)** |
| Catalyst Fund Managers Foreign | **(250)** |
| Phoenix InfraWorks | **(102)** |
| Ander | **(3)** |
| **Diskresionêre kapitaal op 31 Desember 2018*** | **(3 678)** |

* *Voor beplande BBSEB-uitreiking waarna hierbo verwys word.*

Bewegings in diskresionêre kapitaal gedurende 2018 het die volgende ingesluit:

- Die surpluskontantbedryfsverdienste-dekking ten opsigte van die dividend wat in 2018 betaal is.
- Kapitaal van R1,8 miljard is vrygestel uit die gedektebesigheids-bedrywighede in Sanlam Lewens. Soos aangedui in die Groep se aankondiging met betrekking tot sy 2017-jaarresultate, is kapitaal wat op die Sanlam Lewens-balansstaat aan die gedektebesigheidsbedrywighede toegedeel is in die eerste helfte van 2018 met R1,5 miljard verminder. Beleggingsopbrengste wat in 2018 op die Sanlam Lewens-kapitaalbasis verdien is (R313 miljoen), was ook beskikbaar vir vrystelling.
- Kapitaal van R5,5 miljard is aan die einde van Maart 2018 deur ’n versnelde boekopbouing verkry as gedeeltelike befondsing vir die verkryging van die oorblywende belang in Saham Finances.
- Korporatiewe bedrywigheid in 2018 het ingesluit:
    - Die verkryging van die oorblywende 53%-belang in Saham Finances vir R12,9 miljard teen die verskanste koers van R13,24 (ná voorsiening vir Santam se bydrae om sy effektiewe belang in Saham Finances van 7% tot 10% te vergroot). Die werklike wisselkoers op die betaaldatum was R14,77, en die valutaverskansings het beskerming van nagenoeg R1,5 miljard by afsluiting verskaf.
    - SB het belange van onderskeidelik 69% en 100% in Catalyst Fund Managers se Suid-Afrikaanse en buitelandse besighede verkry vir ’n totale koopsom van R418 miljoen. Die verkryging verbeter SB se eiendomsbestuuraanbieding beduidend in ooreenstemming met die strategiese belegging in alternatiewe batebestuurvermoëns. Ooreenkomstig hierdie strategie het SB ook R102 miljoen belê vir ’n belang van 30% in Phoenix InfraWorks, ’n gespesialiseerde infrastruktuurbeleggingsbesigheid.
    - Sanlam Privaat Welvaart het ’n welvaartbestuurboek vir R96 miljoen verkry.
    - SOM het ’n belang in die batebestuurbesigheid Sanlam Investments East Africa in Kenia vir R101 miljoen aan sy plaaslike vennoot verkoop. Die verkoop hiervan rond SOM se Pan-Afrika-vennootskapsmodel af.
- R104 miljoen is vir beleggingsopbrengste, belasting op die valutaverskansings en ander klein bewegings aangewend.

**Solvensie**

Al die belangrikste lewensversekeringsbesighede binne die Groep was aan die einde van Desember 2018 voldoende gekapitaliseer. Die Sanlam Groep se Solvensiekapitaalvereiste (SKV) dekkingsverhouding van 215% was grootliks steeds in ooreenstemming met die dekking van 218% op 31 Desember 2017. Soos in vorige aankondigings van resultate aangedui is, is ’n dekkingsband van tussen 170% en 210% vir die SKV van Sanlam Lewensversekering Beperk (Sanlam Lewens) se gedekte

besigheid vasgestel. Die R8 miljard van IFRS-gebaseerde vereiste kapitaal wat aan die einde van Desember 2018 aan hierdie besighede toegeken is, is omgereken in 'n SKV-dekking van 221%. Die SKV-dekkingsverhouding van 264% vir die Sanlam Lewens-entiteit in die geheel het die gedektebesigheid-verhouding aan die einde van Desember 2018 oorskry as gevolg van die insluiting van diskresionêre en ander kapitaal wat op Sanlam Lewens se balansstaat gehou is, asook beleggings in Santam en ander Groepbesighede wat nie aan Sanlam Lewens se gedekte-besigheidbedrywighede toegedeel is nie (d.w.s. nie ingesluit is by die R8 miljard toegedeelde kapitaal waarna hierbo verwys word nie).

## Dividend

Met toepassing van die Groep se dividendbeleid het die Direksie besluit om die gewone dividend per aandeel met 7,6% tot 312 sent te verhoog. Dit is binne ons teikenband van 2% tot 4% reële groei gegewe die gemiddelde inflasiekoers van 4,6% vir 2018. Dit sal 'n kontantbedryfsverdienstedekking van ongeveer 1 keer handhaaf.

Die Suid-Afrikaanse stelsel van terughoubelasting op dividende is op hierdie dividend van toepassing. Die volle dividend is onderhewig aan die 20%-terughoubelasting, waar van toepassing. Dit lei tot 'n netto finale dividend van 249,6 sent per aandeel vir daardie aandeelhouers wat nie vrygestel is van dividendbelasting nie. Die aantal uitgereikte gewone aandele in die maatskappy se aandelekapitaal op die verklaringsdatum is 2 070 079 299 uitgesonderd 161 909 748 tesourie-aandele op 31 Desember 2018. Die maatskappy se belastingverwysingsnommer is 9536/346/84/5.

Aandeelhouers word in kennis gestel dat die finale kontantdividend van 312 sent vir die jaar geëindig 31 Desember 2018 op Maandag 15 April 2019 by wyse van elektroniese bankoordragte betaalbaar is aan gewone aandeelhouers wat teen kantoorsluiting op Vrydag 12 April 2019 in Sanlam se register aangeteken is. Die laaste verhandelingsdatum om vir hierdie dividend in aanmerking te kom, is Dinsdag 9 April 2019, en Sanlam-aandele sal vanaf Woensdag 10 April 2019 sonder dividend verhandel. Aandelesertifikate mag nie tussen Woensdag 10 April en Vrydag 12 April 2019, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of hermaterialiseer word nie.

**Johan van Zyl**
*Voorsitter*

**Ian Kirk**
*Groep Uitvoerende Hoof*

# FINANSIËLE INLIGTING

## Grondslag van aanbieding

**Inleiding**

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state word opgestel volgens die vereistes van die JSE Beperk se Noteringsvereistes vir verkorte verslae, en die vereistes van die Maatskappywet soos van toepassing op opgesomde finansiele state. Ingevolge die Noteringsvereistes moet verkorte verslae opgestel word volgens die raamwerkkonsepte en die metings- en erkenningsvereistes van IFRS en die SAICA Riglyne vir Finansiële Verslagdoening soos uitgereik deur die Komitee vir Rekeningkundige Praktyke en Finansiële Uitsprake soos uitgereik deur die Raad vir Finansiële Verslagdoeningstandaarde, en verkorte verslae moet ook minstens die inligting bevat wat deur IAS 34 *Interim Financial Reporting* vereis word. Die rekeningkundige beleid wat toegepas is met die opstel van die gekonsolideerde finansiële state, waaraan die opgesomde gekonsolideerde finansiële state ontleen is, is in ooreenstemming met IFRS en strook met die rekeningkundige beleid wat met die opstel van die vorige gekonsolideerde Jaarlikse Finansiële State toegepas is.

Die reëls aangaande polisverpligtinge en winsaanspraak word bepaal ooreenkomstig heersende wetgewing, algemeen aanvaarde aktuariële praktyk en die bepalings vervat in die demutualiseringsvoorstel. Daar was geen wesenlike veranderinge in die finansiëlegesondheidwaarderingsgrondslag sedert 31 Desember 2017 nie, behalwe veranderinge in die ekonomiese aannames.

Die grondslag van aanbieding en rekeningkundige beleid vir die IFRS finansiële state en aandeelhouersinligting stem in alle wesenlike opsigte ooreen met dié wat in die 2017-jaarverslag gebruik is.

Die opstel van die Groep se geouditeerde jaarresultate het onder toesig van die finansiële direkteur, Heinie Werth GR(SA), plaasgevind.

Die volgende nuwe of hersiene IFRS en interpretasies het in die huidige finansiële jaar van krag geword en is dus toegepas:

- IFRS 9 *Financial Instruments* (effektiewe datum 1 Januarie 2018)
- IFRS 15 *Revenue from Contracts with Customers* (effektiewe datum 1 Januarie 2018)

Die volgende nuwe of hersiene IFRS en interpretasies het effektiewe datums van toepassing op toekomstige finansiële jare en is nie voortydig aanvaar nie:

- IFRS 16 *Leases* (effektiewe datum 1 januarie 2019)
- IFRIC 23 *Uncertainty over Income Tax Treatments* (effektiewe datum 1 Januarie 2019)
- IFRS 17 *Insurance Contracts* (effektiewe datum 1 Januarie 2022)

IFRS 16 *Leases* is in Januarie 2016 deur die IASB uitgereik en vervang IAS 17 *Leases* vir verslagdoeningstydperke wat op of ná 1 Januarie 2019 begin. Die Groep beplan nie om die standaard voor die effektiewe datum te aanvaar nie. IFRS 16 het een model vir huurders, wat tot gevolg sal hê dat feitlik alle huurkontrakte ingesluit

word op die staat van finansiële posisie. Ingevolge die nuwe standaard word ’n bate (die reg om die gehuurde item te gebruik) en die verpligting om huurgeld te betaal, erken. Die enigste uitsonderings is korttermyn- en laewaardehuurkontrakte. Die aard van uitgawes wat met hierdie huurkontrakte verband hou, gaan ook nou verander omdat IFRS 16 die gelykblywende bedryfshuurkontrakuitgawes vervang met ’n tempo van waardevermindering vir gebruiksregbates en rente-uitgawes op huurverpligtinge.

Die rekeningkunde vir verhuurders sal nie beduidend verander nie.

***As verhuurder:*** Hierdie nuwe standaard sal na verwagting nie ’n beduidende impak hê op hoe die Groep (as verhuurder) huurkontrakte in rekening bring weens die oordrag van die rekeningkundige model vir verhuurders van IAS 17 na IFRS 16 nie. Die Groep verwag egter ’n impak weens die verbeterde openbaarmaking vir verhuurders ingevolge IFRS 16, naamlik:

- komponente van huurinkomste; en
- risikobestuur met betrekking tot blootstelling aan oorblywende baterisiko.

***As huurder:*** Die standaard sal hoofsaaklik die boekhouding van die Groep se bedryfshuurkontrakte beïnvloed. Op die verslagdoeningsdatum het die Groep nie-kanselleerbare bedryfshuurkontrakverpligtinge van R2 765 miljoen. Die Groep het egter nog nie bepaal in watter mate hierdie verpligtinge die erkenning van ’n bate en ’n verpligting vir toekomstige betalings tot gevolg sal hê nie en hoe dit die Groep se wins en klassifikasie van kontantvloeie raak nie.

Van die verpligtinge kan gedek word deur die vrystelling vir korttermyn- en laewaardebates en ander kan verband hou met reëlings wat nie onder IFRS 16 as huurkontrakte kwalifiseer nie.

As huurder kan die Groep die standaard toepas deur:

- ’n Terugwerkende benadering te volg; of
- ’n Gewysigde terugwerkende benadering met opsionele praktiese hulpmiddels te gebruik.

Die huurder pas die keuse konsekwent op al sy huurkontrakte toe. Die Groep is voornemens om IFRS 16 toe te pas deur die gewysigde terugwerkende benadering te volg. Die kumulatiewe uitwerking van die aanvaarding van IFRS 16 sal dus erken word as ’n aanpassing van die aanvangsaldo van teruggehoue wins op 1 Januarie 2019, sonder enige heropstelling van vergelykende inligting.

Wanneer die gewysigde terugwerkende benadering toegepas word op die huurkontrakte wat voorheen onder IAS 17 as bedryfshuurkontrakte geklassifiseer is, kan die huurder, op ’n huurkontrak-tot-huurkontrak-grondslag, besluit of ’n aantal praktiese hulpmiddels by oorgang toegepas sal word. Die Groep oorweeg tans die moontlike impak van die gebruik van hierdie praktiese hulpmiddels.

Die Groep hoef nie enige huurkontrakte waarin hy ’n huurder is, aan te pas nie, behalwe waar hy ’n intermediêre huurder in ’n onderhuurkontrak is.

IFRIC 23 *Uncertainty over Income Tax Treatments* is in Junie 2017 uitgereik. Die interpretasie het betrekking op die boekhouding vir inkomstebelasting wanneer belastinghantering onsekerheid veroorsaak wat die toepassing van IAS 12 raak. Werk wat aanvanklik gedoen is, dui daarop dat hierdie standaardinterpretasie ’n beperkte impak op die finansiële state sal hê.

IFRS 17 *Insurance Contracts* is in Mei 2017 uitgereik. Die standaard bepaal die beginsels vir die erkenning, meting, aanbieding en openbaarmaking van versekeringskontrakte binne die bestek van die standaard. Werk wat aanvanklik oor die impak van IFRS 17 gedoen is, dui daarop dat daar ’n beduidende impak op die onderliggende waardasiemodelle, stelsels en prosesse sal wees. Die Groep beoordeel tans die vereistes van die standaard teenoor huidige data, prosesse en waardasiemodelle en hierdie beoordeling sal na verwagting in 2019 afgehandel word.

**Ander**
Die Groep verwag nie dat enige ander standaarde wat deur die IASB uitgereik is maar nog nie van krag is nie, enige wesentlike impak op die Groep sal hê nie.

**Eksterne oudit**
Hierdie opgesomde verslag is ’n uittreksel uit die geouditeerde inligting, maar is nie nagesien nie. Die Finansiële Jaarstate is geoudit deur Ernst & Young Ing., wat hul ongekwalifiseerde mening daaroor uitgespreek het. Die geouditeerde Finansiële Jaarstate en die ouditeur se verslag daaroor is ter insae by die maatskappy se geregistreerde kantoor beskikbaar. Die Aandeelhouersinligting is geoudit deur Ernst & Young Ing., wat hul ongekwalifiseerde mening daaroor uitgespreek het. Die geouditeerde Aandeelhouersinligting en die ouditeur se verslag daaroor is ter insae by die maatskappy se geregistreerde kantoor beskikbaar.

Die direkteure aanvaar volle verantwoordelikheid vir die voorbereiding van die opgesomde verslag en dat die finansiële inligting ’n akkurate uittreksel is van die onderliggende Finansiële Jaarstate en Aandeelhouersinligting.

# GROEPSTAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

op 31 Desember 2018

| R miljoen | 2018 | 2017 |
|---|---|---|
| **BATES** | | |
| Toerusting | **1 587** | 876 |
| Eienaar-geokkupeerde eiendom | **2 010** | 963 |
| Klandisiewaarde | **19 985** | 4 158 |
| Waarde van besigheid verkry | **9 985** | 1 930 |
| Ander ontasbare bates | **1 082** | 517 |
| Uitgestelde verkrygingskoste | **3 446** | 3 659 |
| Langtermyn-herversekeringsbates | **1 971** | 1 063 |
| Beleggings | **690 744** | 656 020 |
| Eiendom | **21 349** | 11 505 |
| Belegging in geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings | **18 361** | 26 476 |
| Aandele en soortgelyke instrumente | **184 787** | 201 095 |
| Rentedraende beleggings | **211 770** | 185 363 |
| Gestruktureerde transaksies | **21 341** | 15 381 |
| Beleggingsfondse | **190 005** | 177 235 |
| Kontant, deposito's en soortgelyke sekuriteite | **43 131** | 38 965 |
| Uitgestelde belasting | **2 249** | 2 083 |
| Bates van vervreemdingsgroep geklassifiseer as gehou vir verkoop | **139** | 321 |
| Tegniese algemeneversekeringsbates | **9 540** | 6 400 |
| Bedryfskapitaalbates | **72 863** | 55 593 |
| Handels- en ander debiteure | **44 712** | 33 633 |
| Kontant, deposito's en soortgelyke instrumente | **28 151** | 21 960 |
| **Totale bates** | **815 601** | 733 583 |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | |
| Aandeelhouersfonds | **69 506** | 57 420 |
| Belang van minderheidsaandeelhouers | **12 111** | 6 017 |
| **Totale ekwiteit** | **81 617** | 63 437 |
| Langtermyn-polisverpligtinge | **543 785** | 524 441 |
| Termynfinansiering | **7 413** | 6 426 |
| Margebesigheid | **3 654** | 1 918 |
| Ander rentedraende laste | **3 759** | 4 508 |
| Gestruktureerde transaksie-verpligtinge | **15 629** | 4 187 |
| Eksterne beleggers in gekonsolideerde fondse | **66 146** | 62 329 |
| Belang van sel-eienaars | **3 305** | 3 217 |
| Uitgestelde belasting | **5 460** | 2 435 |
| Tegniese algemeneversekeringsvoorsiening | **37 950** | 18 668 |
| Bedryfskapitaallaste | **54 296** | 48 443 |
| Handels- en ander krediteure | **50 761** | 46 507 |
| Voorsienings | **450** | 333 |
| Belasting betaalbaar | **3 085** | 1 603 |
| **Totale ekwiteit en laste** | **815 601** | 733 583 |

# GROEPSTAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

vir die jaar geëindig 31 Desember 2018

| R miljoen | 2018 | 2017 |
|---|---|---|
| **Netto inkomste** | **77 721** | 113 976 |
| Inkomste van finansiële dienste | **73 619** | 63 930 |
| Herversekeringspremies betaal | **(11 262)** | (9 546) |
| Herversekeringskommissie ontvang | **2 166** | 1 685 |
| Beleggingsinkomste | **31 208** | 30 288 |
| Beleggingsurplusse | **(16 447)** | 33 423 |
| Finansieringskoste – margebesigheid | **(164)** | (134) |
| Verandering in billike waarde van eksterne beleggersaanspreeklikheid | **(1 399)** | (5 670) |
| **Netto versekerings- en beleggingskontrakvoordele en -eise** | **(29 524)** | (72 576) |
| Langtermynversekeringskontrakvoordele | **(18 566)** | (26 863) |
| Langtermynbeleggingskontrakvoordele | **2 999** | (32 588) |
| Algemeneversekeringseise | **(20 662)** | (21 036) |
| Herversekeringseise ontvang | **6 705** | 7 911 |
| **Uitgawes** | **(31 701)** | (26 279) |
| Verkoopsvergoeding | **(10 139)** | (8 832) |
| Administrasiekoste | **(21 562)** | (17 447) |
| **Waardedalings** | **(449)** | (395) |
| **Amortisasie van ontasbare goedere** | **(659)** | (350) |
| **Netto bedryfsresultaat** | **15 388** | 14 376 |
| Ekwiteitsverantwoorde verdienste | **2 424** | 2 646 |
| Finansieringskoste – ander | **(846)** | (690) |
| **Wins voor belasting** | **16 966** | 16 332 |
| Belasting | **(4 164)** | (4 342) |
| Aandeelhouersfonds | **(3 510)** | (3 087) |
| Polishouersfonds | **(654)** | (1 255) |
| **Wins vir die jaar** | **12 802** | 11 990 |
| Ander omvattende inkomste | | |
| Beweging in valuta-omrekeningsreserwe | **2 002** | (1 217) |
| Ekwiteitsverantwoordebeleggings se ander omvattende inkomste | **126** | 21 |
| Beweging in kontantvloeiskansreserwe | **166** | (602) |
| Werknemervoordelehermetingswins | **4** | (12) |
| **Omvattende inkomste vir die jaar** | **15 100** | 10 180 |
| **Toedeling van omvattende inkomste:** | | |
| Wins vir die jaar | **12 802** | 11 990 |
| Aandeelhouersfonds | **11 627** | 10 923 |
| Belang van minderheidsaandeelhouers | **1 175** | 1 067 |
| Omvattende inkomste vir die jaar | **15 100** | 10 180 |
| Aandeelhouersfonds | **13 698** | 9 272 |
| Belang van minderheidsaandeelhouers | **1 402** | 908 |
| **Verdienste toeskryfbaar aan aandeelhouers van die maatskappy (sent):** | | |
| Basiese verdienste per aandeel | **565,4** | 544,4 |
| Verwaterde verdienste per aandeel | **559,7** | 538,8 |

# GROEPSTAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

vir die jaar geëindig 31 Desember 2018

| R miljoen | 2018 | 2017 |
|---|---|---|
| **Aandeelhouersfonds:** | | |
| Saldo aan begin van die jaar | **57 420** | 53 390 |
| IFRS-oorgangaanpassings[4] | **(429)** | – |
| Omvattende inkomste | **13 698** | 9 272 |
| Wins vir die jaar | **11 627** | 10 923 |
| Ander omvattende inkomste[3] | **2 071** | (1 651) |
| Andele uitgereik | **5 635** | – |
| Netto verkryging van tesourie-aandele[2] | **(1 022)** | (119) |
| Aandelegebaseerde betalings | **358** | 340 |
| Dividende betaal[1] | **(6 053)** | (5 400) |
| Verkrygings, verkope en ander bewegings in belange | **(101)** | (63) |
| **Saldo aan die einde van die jaar** | **69 506** | 57 420 |
| **Belang van minderheidsaandeelhouers:** | | |
| Saldo aan die begin van die jaar | **6 017** | 5 696 |
| IFRS-oorgangaanpassings[4] | **(12)** | – |
| Omvattende inkomste | **1 402** | 908 |
| Wins vir die jaar | **1 175** | 1 067 |
| Ander omvattende inkomste[3] | **227** | (159) |
| Netto verkryging van tesourie-aandele[2] | **(29)** | (19) |
| Aandelegebaseerde betalings | **26** | 36 |
| Dividende betaal[1] | **(867)** | (796) |
| Verkrygings, verkope en ander bewegings in belange | **5 574** | 192 |
| **Saldo aan einde van die jaar** | **12 111** | 6 017 |
| Aandeelhouersfonds | **57 420** | 53 390 |
| Belang van minderheidsaandeelhouers | **6 017** | 5 696 |
| **Totale ekwiteit aan die begin van die jaar** | **63 437** | 59 086 |
| Aandeelhouersfonds | **69 506** | 57 420 |
| Belang van minderheidsaandeelhouers | **12 111** | 6 017 |
| **Totale ekwiteit aan einde van die jaar** | **81 617** | 63 437 |

(1) *'n Dividend van 312 sent per aandeel (2017: 290 sent per aandeel) is in 2019 verklaar ten opsigte van 2018 verdienste. Gebaseer op die aantal uitgereikte aandele by verklaring, word verwag dat die totale dividend R6,5 miljard sal beloop, maar dit kan wissel afhangende van die aantal uitgereikte aandele op handelsdatum. Dividende voorgestel of verklaar na die datum van die staat van finansiële posisie word nie erken op die datum van die staat van finansiële posisie nie.*

(2) *Bestaan uit verandering in koste van aandele wat deur filiale, die aandele-aansporingstrust en ander gekonsolideerde fondse besit word.*

(3) *Ander omvattende inkomste sluit in die realisasie van die kontantvloei-verskansingsaanpassing van R1 500 miljoen met betrekking tot die verkryging van 'n verdere belang in Saham Finances.*

(4) *IFRS 9* Financial Instruments *en IFRS 15* Revenue from Contracts with Customers *is gedurende die huidige jaar aangeneem. Verwys na nota 8.1 vir meer inligting.*

# GROEPKONTANTVLOEISTAAT

vir die jaar geëindig 31 Desember 2018

| R miljoen | 2018 | Herstateer[(1)] 2017 |
|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | **10 760** | 6 356 |
| Kontant gebruik in bedrywighede | **(7 286)** | (12 101) |
| Rente en voorkeuraandeel dividende ontvang | **18 199** | 18 343 |
| Rente betaal | **(1 136)** | (868) |
| Dividende ontvang | **12 307** | 11 343 |
| Dividende betaal | **(6 844)** | (6 118) |
| Belasting betaal | **(4 480)** | (4 243) |
| **Kontantvloei uit beleggingsbedrywighede** | **(6 764)** | (3 221) |
| Verkryging van filiale en geassosieerde maatskappye | **(7 254)** | (4 917) |
| Vervreemding van filiale en geassosieerde maatskappye | **490** | 1 696 |
| **Kontantvloei uit finansieringsbedrywighede** | **4 052** | (215) |
| Aandele uitgereik | **5 635** | – |
| Beweging in tesourie-aandele | **(1 051)** | (138) |
| Vervreemding/(verkryging) van minderheidsbelang | **90** | (113) |
| Termynfinansiering uitgereik | **2 455** | 1 388 |
| Termynfinansiering afgelos | **(3 077)** | (1 352) |
| **Netto toename in kontant en kontantekwivalente** | **8 048** | 2 920 |
| Netto buitelandse valuta verskille | **(124)** | (122) |
| Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar | **55 419** | 52 621 |
| **Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar** | **63 343** | 55 419 |

(1) *Vergelykende syfers is hersaamgestel. Verwys na nota 8.2 vir addisionele inligting.*

# AANTEKENINGE TOT DIE GROEP FINANSIËLE STATE

vir die jaar geëindig 31 Desember 2018

## 1. Verdienste per aandeel

| Sent | 2018 | 2017 |
|---|---|---|
| **Basiese verdienste per aandeel:** | | |
| Wesensverdienste | 445,6 | 486,3 |
| Wins toeskryfbaar aan aandeelhouersfonds | 565,4 | 544,4 |
| **Verwaterde verdienste per aandeel:** | | |
| Wesensverdienste | 441,1 | 481,3 |
| Wins toeskryfbaar aan aandeelhouersfonds | 559,7 | 538,8 |

| R miljoen | 2018 | 2017 |
|---|---|---|
| **Ontleding van verdienste:** | | |
| Wins toeskryfbaar aan aandeelhouersfonds | 11 627 | 10 923 |
| Minus: Netto wins op verkoop van ondernemings | (2 773) | (1 335) |
| Minus: Ekwiteitsverantwoorde nie-wesensverdienste | (17) | (134) |
| Plus: Waardedaling | 325 | 303 |
| **Wesensverdienste** | 9 162 | 9 757 |

| Miljoen | 2018 | 2017 |
|---|---|---|
| **Aantal aandele:** | | |
| Geweegde aantal gewone aandele uitgereik | 2 215,6 | 2 166,5 |
| Minus: Geweegde aantal Sanlam-aandele deur filiale (insluitende polishouers) gehou en gekonsolideerde beleggingsfondse | (159,3) | (160,0) |
| **Aangepaste geweegde gemiddelde aantal aandele vir basiese verdienste per aandeel** | 2 056,3 | 2 006,5 |
| Plus: Totale aantal aandele in verband met Sanlam Beperk langtermynaansporingskemas | 21,0 | 20,8 |
| **Aangepaste geweegde gemiddelde aantal aandele vir verwaterde verdienste per aandeel** | 2 077,3 | 2 027,3 |

## 2. Segment inligting

| R miljoen | 2018 | 2017 |
|---|---|---|
| Segment inkomste uit finansiële dienste (volgens aandeelhouersfondsinligting) | **66 529** | 58 700 |
| Sanlam Persoonlike Finansies | **19 136** | 17 823 |
| Sanlam Opkomende Markte | **11 526** | 7 978 |
| Sanlam Beleggingsgroep | **6 396** | 5 581 |
| Santam | **23 693** | 22 327 |
| Groepkantoor | **5 622** | 4 825 |
| Korporatief en ander | **156** | 166 |
| IFRS-aanpassings | **7 090** | 5 230 |
| **Totale inkomste uit finansiële dienste** | **73 619** | 63 930 |
| Segment resultaat (volgens aandeelhouersfondsinligting ná aftrekking van belasting en minderheidsbelange) | **11 521** | 11 001 |
| Sanlam Persoonlike Finansies | **4 218** | 4 680 |
| Sanlam Opkomende Markte | **3 561** | 3 057 |
| Sanlam Beleggings | **1 693** | 1 401 |
| Santam | **1 609** | 1 122 |
| Sanlam Korporatief | **637** | 845 |
| Groepkantoor en ander | **(197)** | (104) |
| Belang van minderheidsaandeelhouers wat by segmentele resultaat ingesluit is, teruggeskryf | **1 175** | 1067 |
| Fondsoordragte | **106** | (78) |
| **Totale wins vir die jaar** | **12 802** | 11 990 |

**Segment IFRS 15 inkomste uit kontrakte met kliënte**[(1)]

| | 2018 |
|---|---|
| Sanlam Persoonlike Finansies | **3 874** |
| Sanlam Opkomende Markte | **704** |
| Sanlam Beleggingsgroep | **6 060** |
| Santam | **234** |
| Sanlam Korporatief | **1 747** |
| **Totale IFRS 15 inkomste** | **12 619** |

(1) *Vergelykende syfers nie vereis in terme van IFRS 15 nie.*

## Onderverdeling van inkomste

Volgens primêre ligging

| | Suid-Afrika | Res van Afrika | Ander Internasionaal | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| IFRS 15 Inkomste | 9 148 | 738 | 2 733 | 12 619 |
| Administrasiefooie | 5 093 | 438 | 498 | 6 029 |
| Batebestuur- en prestasiefooie | 2 832 | 228 | 1 744 | 4 804 |
| Kommissies | 372 | 57 | 479 | 908 |
| Konsultasiefooie | 367 | 12 | 1 | 380 |
| Aktuariële en risikobestuursfooie | 198 | – | – | 198 |
| Ander | 286 | 3 | 11 | 300 |
| Inkomste buite die omvang van IFRS 15 | 51 710 | 8 217 | 1 073 | 61 000 |
| **Inkomste uit finansiële dienste** | 60 858 | 8 955 | 3 806 | 73 619 |

Volgens tydberekening van inkomste-erkenning

| | Punt in tyd | Oor tyd[(2)] | Nie in omvang van IFRS 15 | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| IFRS 15 Inkomste | 1 020 | 11 599 | – | 12 619 |
| Administrasiefooie | 12 | 6 017 | – | 6 029 |
| Batebestuur- en prestasiefooie | 6 | 4 798 | – | 4 804 |
| Kommissies | 725 | 183 | – | 908 |
| Konsultasiefooie | 116 | 264 | – | 380 |
| Aktuariële en risikobestuursfooie | – | 198 | – | 198 |
| Ander[(1)] | 161 | 139 | – | 300 |
| Inkomste buite die omvang van IFRS 15 | – | – | 61 000 | 61 000 |
| **Inkomste uit finansiële dienste** | 1 020 | 11 599 | 61 000 | 73 619 |

(1) *Ander IFRS 15 inkomste sluit in inkomste uit trust- en boedelfooie van R156 miljoen. Die oorblywende inkomste hou verband met kortings en skrip-uitleenfooie ontvang.*

(2) *Prestasiefooie onderhewig aan beperkinge op erkenning van veranderlike oorweging.*

## 3. Aandeleterugkope

Die Sanlam-aandeelhouers het by die algemene jaarvergaderings in 2018 en 2017 algemene magtiging aan die Groep verleen om Sanlam-aandele in die mark terug te koop. Geen aandele-terugkoop transaksies het plaasgevind nie.

## 4. Voorwaardelike aanspreeklikhede

Aandeelhouers word verwys na die voorwaardelike aanspreeklikhede wat in die 2018-jaarverslag geopenbaar is. Die omstandighede rondom die voorwaardelike aanspreeklikhede is wesenlik onveranderd.

## 5. Gebeure na balansstaatdatum

Geen verdere wesenlike feite of omstandighede het vorendag gekom tussen die datum van die staat van finansiële posisie en hierdie verslag wat beduidend die finansiële posisie van die Sanlam Beperk Groep soos op 31 Desember 2018 affekteer nie.

## 6. Billike waarde openbaarmakings

**Bepaling van billike waarde en billike waarde hiërargie**

Hieronder word die vereiste openbaarmaking ten opsigte van waardasies teen billike waarde uiteengesit, deur gebruik te maak van 'n drie-vlak billike waarde hiërargie wat die betekenis van die insette wat gebruik is om hierdie metings te bepaal, reflekteer. Daar moet egter kennis geneem word dat hierdie openbaar-making slegs bates en laste teen billike waarde insluit.

Ingesluit in die **vlak 1** kategorie is bates en laste wat waardeer word met verwysing na onaangepaste, gekwoteerde pryse in 'n aktiewe mark vir identiese bates en laste.

Ingesluit in die **vlak 2** kategorie is bates en laste wat waardeer word deur gebruik te maak van insette anders as gekwoteerde pryse soos ingesluit in vlak 1 wat direk (bv. as pryse) of indirek (bv. afgelei vanaf pryse) vir die bate of las waarneembaar is. Instrumente wat byvoorbeeld waardeer word deur gebruik te maak van 'n waardasietegniek wat op aannames gebaseer is en deur waarneembare huidige marktransaksies ondersteun word, word as vlak 2 gekategoriseer.

Bates en laste wat waardeer word deur gebruik te maak van insette wat nie op waarneembare markdata gebaseer is nie, word as **vlak 3** gekategoriseer.

## 6. Billike waarde openbaarmakings (vervolg)

### Bepaling van billike waarde en billike waarde hiërargie (vervolg)

| R miljoen | Vlak 1 | Vlak 2 | Vlak 3 | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| **Herhalende billike waarde waardasies 31 Desember 2018** | | | | |
| Eiendomme | – | – | 21 349 | 21 349 |
| Belegging in gesamentlike ondernemings | – | – | 539 | 539 |
| Aandele en soortgelyke instrumente | 179 365 | 4 918 | 504 | 184 787 |
| Rentedraende beleggings | 30 137 | 174 617 | 69 | 204 823 |
| Gestruktureerde transaksies | 8 013 | 13 328 | – | 21 341 |
| Beleggingsfondse | 182 926 | 6 347 | 732 | 190 005 |
| Handels- en ander debiteure | 10 855 | 5 653 | – | 16 508 |
| Kontant, deposito's en soortgelyke instrumente: Beleggings | – | 43 131 | – | 43 131 |
| Kontant, deposito's en soortgelyke instrumente: Bedryfskapitaalbates | – | 2 359 | – | 2 359 |
| **Totale bates teen billike waarde** | 411 296 | 250 353 | 23 193 | 684 842 |
| Beleggingskontrak-verpligtinge | – | 353 672 | 1 665 | 355 337 |
| Termynfinansiering | – | 3 085 | – | 3 085 |
| Gestruktureerde transaksie-verpligtinge | – | 15 629 | – | 15 629 |
| Handels- en ander krediteure | 5 595 | 11 088 | – | 16 683 |
| Eksterne beleggers in gekonsolideerde fondse | 61 573 | 3 960 | 613 | 66 146 |
| **Totale laste teen billike waarde** | 67 168 | 387 434 | 2 278 | 456 880 |
| **Herhalende billike waarde waardasies 31 Desember 2017** | | | | |
| Eiendomme | – | – | 11 505 | 11 505 |
| Aandele en soortgelyke instrumente | 198 226 | 2 436 | 433 | 201 095 |
| Rentedraende beleggings | 42 154 | 141 825 | 30 | 184 009 |
| Gestruktureerde transaksies | 7 130 | 8 251 | – | 15 381 |
| Beleggingsfondse | 173 802 | 3 103 | 330 | 177 235 |
| Handelsrekening-bates | 11 090 | 5 233 | – | 16 323 |
| Kontant, deposito's en soortgelyke instrumente | 24 353 | 14 572 | – | 38 925 |
| Beleggins in gesamentlike ondernemings | – | – | 359 | 359 |
| **Totale bates teen billike waarde** | 456 755 | 175 420 | 12 657 | 644 832 |
| Beleggingskontrak-verpligtinge | – | 343 368 | 2 205 | 345 573 |
| Termynfinansiering | – | 4 300 | – | 4 300 |
| Gestruktureerde transaksie-verpligtinge | – | 4 187 | – | 4 187 |
| Handelsrekening-laste | 11 547 | 11 447 | – | 22 994 |
| Eksterne beleggers in gekonsolideerde fondse | 61 802 | – | 527 | 62 329 |
| **Totale laste teen billike waarde** | 73 349 | 363 302 | 2 732 | 439 383 |

## 6. Billike waarde openbaarmakings (vervolg)

**Rekonsiliasie van beweging in vlak 3 bates en laste, waardeer teen billike waarde**
**Bates**

| R miljoen | Eiendomme | Aandele en soortgelyke instrumente |
|---|---|---|
| **31 Desember 2018** | | |
| Saldo op 1 Januarie 2018 | **11 505** | **433** |
| Netto wins in die staat van omvattende inkomste | **309** | **20** |
| Verkrygings deur besigheidskombinasie | **7 446** | **–** |
| Verkrygings | **2 165** | **131** |
| Verkope | **(171)** | **(100)** |
| Geherklassifiseer as vervreemdingsgroep gehou vir verkoop | **(128)** | **–** |
| Beweging in buitelandse valuta | **224** | **20** |
| Oordrag na eienaar-geokkupeerde eiendom | **(1)** | **–** |
| **Saldo op 31 Desember 2018** | **21 349** | **504** |
| **31 Desember 2017** | | |
| Saldo op 1 Januarie 2017 | 10 664 | 420 |
| Netto wins/(verlies) in die staat van omvattende inkomste | 499 | 1 |
| Verkrygings | 544 | 21 |
| Verkope | (501) | (2) |
| Geherklassifiseer as vervreemdingsgroep gehou vir verkoop | 551 | – |
| Vereffenings | – | – |
| Beweging in buitelandse valuta | (239) | (7) |
| Oordrag na eienaar-geokkupeerde eiendom | (13) | – |
| **Saldo op 31 Desember 2017** | 11 505 | 433 |

| Rente-draende beleggings | Beleggings fondse | Belegging in gesamentlike ondernemings | Totale bates |
|---|---|---|---|
| **30** | **330** | **359** | **12 657** |
| **3** | **33** | **180** | **545** |
| | **–** | **–** | **7 446** |
| **36** | **368** | **–** | **2 700** |
| **–** | **–** | **–** | **(271)** |
| **–** | **–** | **–** | **(128)** |
| **–** | **1** | **–** | **245** |
| **–** | **–** | **–** | **(1)** |
| **69** | **732** | **539** | **23 193** |
| 392 | 467 | 423 | 12 366 |
| – | (19) | (64) | 417 |
| – | – | – | 565 |
| – | (118) | – | (621) |
| – | – | – | 551 |
| (362) | – | – | (362) |
| – | – | – | (246) |
| – | – | – | (13) |
| 30 | 330 | 359 | 12 657 |

## 6. Billike waarde openbaarmakings (vervolg)

**Rekonsiliasie van beweging in vlak 3 bates en laste, waardeer teen billike waarde** (vervolg)

**Laste**

| R miljoen | Beleg-gings-kontrak-verplig-tinge | Termyn finansie-ring | Eksterne beleggers in gekon-solideerde fondse | Totale laste |
|---|---|---|---|---|
| **31 Desember 2018** | | | | |
| Saldo op 1 Januarie 2018 | **2 205** | **–** | **527** | **2 732** |
| Netto verlies in die staat van omvattende inkomste | **25** | **–** | **1** | **26** |
| Verkrygings | **65** | **–** | **–** | **65** |
| Verkope | **(797)** | **–** | **–** | **(797)** |
| Beweging in buitelandse valuta | **167** | **–** | **85** | **252** |
| **Saldo op 31 Desember 2018** | **1 665** | **–** | **613** | **2 278** |
| **31 Desember 2017** | | | | |
| Saldo op 1 Januarie 2017 | 2 312 | 201 | 604 | 3 117 |
| Netto (verlies)/wins in die staat van omvattende inkomste | 72 | – | (38) | 34 |
| Verkrygings | 36 | – | – | 36 |
| Verkope | (189) | – | – | (189) |
| Beweging in buitelandse valuta | (26) | (37) | (39) | (102) |
| Vereffenings | – | (164) | – | (164) |
| **Saldo op 31 Desember 2017** | 2 205 | – | 527 | 2 732 |

| R miljoen | 2018 | 2017 |
|---|---|---|
| **Wins en verlies (gerealiseerd en ongerealiseerd) ingesluit by wins en verlies** | | |
| Totale wins of verlies ingesluit in wins of verlies vir die jaar | **519** | 383 |
| Totale ongerealiseerde wins of verlies ingesluit in wins of verlies vir die jaar vir bates gehou aan die einde van die verslagdoeningsperiode | **89** | 258 |

**Oordragte tussen kategorieë**
**Bates**

| R miljoen | Aandele en soortgelyke instrumente | Rentedraende beleggings[(1)] | Gestruktureerde transaksies | Beleggingsfondse | Kontant, deposito's en soortgelyke instrumente | Totale laste |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **2018** | | | | | | |
| Oordragte vanaf vlak 1 na vlak 2 | **–** | **142** | **–** | **–** | **–** | **142** |
| Oordragte vanaf vlak 2 na vlak 1 | **–** | **–** | **–** | **–** | **–** | **–** |
| **2017** | | | | | | |
| Oordragte vanaf vlak 1 na vlak 2 | – | 169 | – | – | – | 169 |
| Oordragte vanaf vlak 2 na vlak 1 | – | 107 | – | – | – | 107 |

| Laste | Eksterne beleggers[(2)] | Termynfinansiering | Totale laste |
|---|---|---|---|
| **2018** | | | |
| Oordragte vanaf vlak 2 na vlak 1 | **–** | **–** | **–** |
| **2017** | | | |
| Oordragte vanaf vlak 1 na vlak 2 | 328 | – | 328 |

(1) *Instrumente wat nie aktief in die mark verhandel is nie, is vanaf vlak 1 na vlak 2 oorgeplaas. Hierteenoor is instrumente wat aktief in die mark verhandel is, oorgedra vanaf vlak 2 na vlak 1.*

(2) *Eksterne beleggers in gekonsolideerde fondsoordragte het betrekking op beleggingsfondse wat gedurende die jaar geëindig Desember 2017 gelys is. Gevolglik word daardie fondse nou as vlak 1 geklassifiseer.*

## 6. Billike waarde openbaarmakings (vervolg)

**Waardasietegnieke gebruik in die bepaling van die billike waarde van bates en laste**

| Instrument | Toepaslik tot vlak | Waardasiebasis |
|---|---|---|
| Eiendomme | 3 | Onlangse gekontrakteerde pryse<br>Verdiskonteerde kontantvloeimodel (VKM), Verdienste-faktor |
| Aandele en soortgelyke instrumente | 2 en 3 | VKM, Verdienste-faktor |
| Rentedraende beleggings (insluitend versekeringspolisse) | 2 en 3 | VKM, Gekwoteerde afkoop-/aflosprys voorsien deur uitreiker |
| Handels- en ander debiteure/ krediteure | 2 | VKM, Verdienste-faktor, Gekwoteerde afkoop-/ aflosprys voorsien deur uitreiker, Opsie-prysingsmodelle |
| Beleggingskontrak-verpligtinge en beleggingsfondse | 2 en 3 | Huidige eenheidsprys van onderliggende eenheidsgekoppelde bate, vermenigvuldig met die aantal eenhede in besit<br>Verdienste-faktor<br>VKM |
| Termyn-finansiering | 2 | VKM |
| Gestruktureerde transaksies bates en -laste | 2 | Opsie-prysingsmodelle<br>VKM |
| Eksterne beleggers in gekonsolideerde fondse | 2 en 3 | Huidige eenheidsprys van onderliggende bate, vermenigvuldig met die aantal eenhede in besit |
| Kontantdeposito's en soortgelyke sekuriteite | 2 | Mark-tot-mark, Opbrengskurwe |
| Belegging in gesamentalike ondernemings | 3 | VKM |

| Hoofaannames | Beduidende, onwaarneem-bare insette |
|---|---|
| Effek- en interbank rentekoersruilings-kurwe, Kapitalisasiekoers, Koste van kapitaal, Verbruikersprysindeks, Kontantvloei-vooruitskattings | Kapitalisasiekoers<br>Verdiskonteringskoers<br>Kontantvloei<br>Vooruitskattings |
| Koste van kapitaal, Verbruikersprysindeks | Koste van kapitaal<br>Verdienste-faktor (aangepas)<br>Begroting<br>Vooruitskattings |
| Effek- en interbank-rentekoerskurwe, Koste van kapitaal, Verbruikersprysindeks | Verdiskonteringskoers |
| Vooruitkoers<br>Kredietrisiko-verspreiding<br>Likiditeitsverspreiding<br>Effek- en interbank-rentekoersruilings-kurwe, Koste van kapitaal, Verbruikersprysindeks | n.v.t. |
| Effek- en interbank-rentekoersruilings-kurwe<br>Koste van kapitaal<br>Verbruikersprysindeks<br>Effek-rentekoerskurwe | Verdienste-faktor |
| Effek- en vooruitkoers<br>Kredietgradering van uitreiker<br>Likiditeits-verspreiding<br>Kontrakrentekoerskurwe | n.v.t. |
| Effek- en interbank-rentekoerskurwe<br>Vooruit ekwiteit- en wisselkoerse<br>Volitaliteitsrisikoaanpassings | n.v.t. |
| Effek- en interbank-rentekoerskurwe, Koste van kapitaal, Verbruikersprysindeks, Eenheidspryse | Gebaseer op die onderliggende bates |
| Effek- en interbank-rentekoerskurwes | n.v.t. |
| Effek- en interbank-rentekoerskurwe, Koste van kapitaal, Verbruikersprysindeks | Koste van kapitaal |

## 6. Billike waarde openbaarmakings (vervolg)

**Sensitiwiteit van vlak 3 bates en laste waardeer teen billike waarde na veranderinge in sleutelaannames**
**Bates**

| R miljoen | Drabedrag | Effek van 10% styging in risiko aanpassings |
|---|---|---|
| **Eiendomme[1]** | | |
| **2018** | | |
| Kontantvloei risiko-aanpassings | **21 349** | **(2 135)** |
| Basiskoers | **–** | **–** |
| Kapitalisasiekoers | **–** | **–** |

| R miljoen | | |
|---|---|---|
| Verdienste-faktor | | |
| **2017** | | |
| Kontantvloei risiko-aanpassings | 11 505 | (1 151) |
| Basiskoers | – | – |
| Kapitalisasiekoers | – | – |

| R miljoen | Dra-bedrag[2] | Effek van 10% styging in veelvoud |
|---|---|---|
| **Ander beleggings** | | |
| **2018** | | |
| Aandele en soortgelyke instrumente | **504** | **(50)** |
| Rentedraende beleggings | **–** | **–** |
| Beleggingsfondse | **732** | **(73)** |
| Belegging in gesamentalike ondernemings | **–** | **–** |
| **Totaal** | **1 236** | **(123)** |
| **2017** | | |
| Aandele en soortgelyke instrumente | 433 | 43 |
| Rentedraende beleggings | – | – |
| Beleggingsfondse | 330 | 33 |
| Belegings in gesamentlike ondernemings | – | – |
| **Totaal** | 763 | 76 |

| Effek van 10% daling in risiko aanpassings | Dra-bedrag | Effek van 1% styging in basis/ kapitalisasiekoers | Effek van 1% daling in basis/ kapitalisasiekoers |
|---|---|---|---|
| **2 135** | **–** | **–** | **–** |
| **–** | **9 864** | **(240)** | **258** |
| **–** | **9 864** | **(297)** | **364** |

| | Dra-bedrag | Effek van 10% toename in verdienste | Effek van 10% daling in verdienste |
|---|---|---|---|
| | **11 477** | **1 002** | **(969)** |
| 1 151 | – | – | – |
| – | 8 091 | (264) | 284 |
| – | 8 091 | (357) | 437 |

| Effek van 10% daling in veelvoud | Dra-bedrag[3] | Effek van 1% styging in kortingskoers | Effek van 1% daling in kortingskoers |
|---|---|---|---|
| **50** | **–** | **–** | **–** |
| **–** | **69** | **(1)** | **2** |
| **73** | **–** | **–** | **–** |
| **–** | **539** | **(44)** | **50** |
| **123** | **608** | **(45)** | **52** |
| (43) | – | – | – |
| – | 30 | (1) | 1 |
| (33) | – | – | – |
| – | 359 | (32) | 36 |
| (76) | 389 | (33) | 37 |

## 6. Billike waarde openbaarmakings (vervolg)

**Laste**

| R miljoen | Dra-bedrag | Effek van 'n 10% toename in waarde | Effek van 'n 10% afname in waarde |
|---|---|---|---|
| **2018** | | | |
| Beleggingskontrakverpligtinge | **1 665** | **167** | **(167)** |
| Termynfinansiering | **–** | **–** | **–** |
| Eksterne beleggers in gekonsolideerde fondse | **613** | **61** | **(61)** |
| **Totale laste** | **2 278** | **228** | **(228)** |
| **2017** | | | |
| Beleggingskontrakverpligtinge | 2 205 | 221 | (221) |
| Termynfinansiering | – | – | – |
| Eksterne beleggers in gekonsolideerde fondse | 527 | 53 | (53) |
| **Totale laste** | 2 732 | 274 | (274) |

(1) *Beleggingseiendomme bestaan uit `n meerderheid van Sanlam Life Beperk eiendomme, gewaardeer met behulp van kapitalisasie- en verdiskonteringskoerse, met sensitiwiteite gebaseer op hierdie twee onwaarneembare insette. Dit bestaan ook uit Saham Finances eiendomme wat gewaardeer word met behulp van verdienstefaktore.*

(2) *Verteenwoordig hoofsaaklik privaat ekwiteitsbeleggings gewaardeer volgens Verdienste-faktor, met sensitiwiteite gebaseer op die volle waardasie.*

(3) *Verteenwoordig hoofsaaklik instrumente gewaardeer op 'n verdiskonteerde kontantvloeibasis, met sensitiwiteite gebasseer op veranderinge in die verdiskonteringskoers.*

## 7. Besigheidsamestellings

**Belangrike verkrygings van die Groep wat in die 2018 finansiële jaar gekonsolideer is.**

**Saham Finances Groep**

Die Sanlam Groep het effektief op 1 Oktober 2018 die oorblywende belang (53,37%) in Saham Finances verkry en sodoende vir die eerste keer beheer verkry.

Die Saham Finances Groep verskaf finansiële dienste (hoofsaaklik algemene versekering) in verskeie lande in Afrika. Die verkryging ondersteun die Groep se visie om 'n toonaangewende finansiële diensteverskaffer in Pan-Afrika te wees. Sanlam Opkomente Markte en Santam Beperk hou onderskeidelik effektiewe belange van 90% en 10%.

Die klandisiewaarde voortspruitend uit hierdie verkryging kan toegeskryf word aan sinergieë en verwagte toekomstige geleenthede.

**Besonderhede van bates verkry en laste aangeneem, teen billike waarde, is soos volg:**

| R miljoen | Netto bate-waarde verkry | On-tasbare bates erken | Uit-gestelde belasting/kontant-vloei-skanse erken | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| **Bates** | | | | |
| Toerusting | 702 | – | – | 702 |
| Eienaar-geokkupeerde eiendom | 971 | – | – | 971 |
| Waarde van besigheid verkry | 73 | 7 400 | – | 7 473 |
| Ander ontasbare bates | 460 | 213 | – | 673 |
| Uitgestelde verkrygingskoste | 170 | – | – | 170 |
| Langtermyn-herversekeringsbates | 832 | – | – | 832 |
| Beleggings | 29 296 | – | – | 29 296 |
| Uitgestelde belasting | 566 | – | – | 566 |
| Tegniese algemene-versekeringsbates | 2 662 | – | – | 2 662 |
| Bedryfskapitaalbates | | | | |
| Handels- en ander debiteure | 13 881 | – | – | 13 881 |
| Kontant, deposito's en soortgelyke instrumente | 8 959 | – | – | 8 959 |
| **Totale indentifiseerbare bates** | 58 572 | 7 613 | – | 66 185 |
| **Laste** | | | | |
| Langtermynpolislaste | (15 037) | – | – | (15 037) |
| Termynfinansiering | (1 683) | – | – | (1 683) |
| Algemeneversekering tegniese voorsienings | (17 486) | – | – | (17 486) |
| Uitgestelde belasting | (1 690) | – | (2 290) | (3 980) |
| Handels- en ander krediteure | (9 059) | – | – | (9 059) |
| Voorsienings | (361) | – | – | (361) |
| Belasting | (919) | – | – | (919) |
| **Totale indentifiseerbare laste** | (46 235) | – | (2 290) | (48 525) |
| **Ekwiteit** | | | | |
| Nie-beherende belang | (4 278) | (1 795) | 550 | (5 523) |
| **Totale ekwiteit en laste** | (50 513) | (1 795) | (1 740) | (54 048) |
| **Totale indentifiseerbare netto bates** | 8 059 | 5 818 | (1 740) | 12 137 |
| Klandisiewaarde met verkryging | 4 822 | 10 359 | 240 | 15 421 |
| **Netto koopsom** | 12 881 | 16 177 | (1 500) | 27 558 |
| Koopsom | | | | 29 058 |
| Kontantvloeiskanse | | | | (1 500) |
| Minus: Belang voorheen gehou teen billike waarde | | | | (13 550) |
| **Netto koopsom** | | | | 14 008 |
| Kontantelement van vergoeding | | | | 15 508 |
| Kontantvloeiskanse | | | | (1 500) |

## 8. Hersamestellings

### 8.1 IFRS-oorgangaanpassings

**Staat van finansiële posisie**
op 1 Januarie 2018

| R miljoen | Voorheen verklaar Geouditeer | Aanpassings IFRS 9 | Hersta-teer Geouditeer |
|---|---|---|---|
| **BATES** | | | |
| **Beleggings** | 656 020 | (434) | 655 586 |
| Eiendom | 11 505 | – | 11 505 |
| Belegging in geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings | 26 476 | (428) | 26 048 |
| Aandele en soortgelyke instrumente | 201 095 | – | 201 095 |
| Rentedraende beleggings | 185 363 | (6) | 185 357 |
| Gestruktureerde transaksies | 15 381 | – | 15 381 |
| Beleggingsfondse | 177 235 | – | 177 235 |
| Kontant, deposito's en soortgelyke sekuriteite | 38 965 | – | 38 965 |
| **Bedryfskapitaalbates** | 55 593 | (7) | 55 586 |
| Handels- en ander debiteure | 33 633 | (7) | 33 626 |
| Kontant, deposito's en soortgelyke instrumente | 21 960 | – | 21 960 |
| **Ander bates** | 21 970 | – | 21 970 |
| **Totale bates** | 733 583 | (441) | 733 142 |
| **Ekwiteit en laste** | | | |
| **Kapitaal en reserwes** | | | |
| Aandelekapitaal en premie | 22 | – | 22 |
| Tesourie-aandele | (3 811) | – | (3 811) |
| Ander reserwes | 9 084 | – | 9 084 |
| Behoue verdienste | 52 125 | (429) | 51 696 |
| **Aandeelhouersfonds** | 57 420 | (429) | 56 991 |
| Nie-beherende belang | 6 017 | (12) | 6 005 |
| **Totale ekwiteit** | 63 437 | (441) | 62 996 |
| **Totale laste** | 670 146 | – | 670 146 |
| **Totale ekwiteit en laste** | 733 583 | (441) | 733 142 |

*IFRS 9 Finansiële instrumente ("Financial Instruments")*
Die beginsels wat verband hou met die klassifikasie en meting van finansiële bates en laste, die meting van die voorsiening vir waardedaling van finansiële bates, en verskansing ("hedge accounting") is aangespas a.g.v. die implementering van die nuwe rekenkundige standard, IFRS 9 *Financial Instruments*, wat van toepassing is op alle rekenkundige periodes wat begin op of na 1 Januarie 2018. Afgesien van die verskansing-voorsienings, het Sanlam die standaard geïmplementeer op 'n gemodifiseerde terugwerkende grondslag. Die vergelykende syfers is nie hersaamgestel nie en die impak veroorsaak deur die aanvaarding van IFRS 9 word eenmalig erken in ekwiteit op 1 Januarie 2018.

Die sleutelveranderinge a.g.v. IFRS 9 is soos volg:

1. Klassifikasie en meting – daar word verlang dat finansiële bates geklassifiseer en gemeet word op grond van die kontantvloei-eienskappe van die instrument en die besigheidsmodel waarvoor dit gehou word. Die klassifikasie en meting van finansiële laste is grootliks onveranderd, met die uitsondering van billike waarde aanpassings op finansiële laste bestempel as teen billike waarde deur wins en verlies ("fair value through profit or loss"). IFRS 9 vereis dat die gedeelte van die billike waarde-aanpassings wat verband hou met die entiteit se eie kredietrisiko deur ander omvanttende inkomste ("other comprehensive income") gaan, instede van deur wins en verlies soos in die verlede.
2. Waardedalings – IFRS 9 stel 'n verwagte kredietverlies- ("expected loss"-) model voor. Dit behels die erkenning van 'n voorsiening vir die kredietverliese wat verwag word in die volgende 12 maande, of oor die hele leeftyd van die instrument indien die instrument se kredietrisiko beduidend toegeneem het. Die waardedalingsmodel is dus vooruitskouend teenoor die aangegane verlies- ("incurred loss"-) model wat voorheen deur IAS 39 verlang is.

Die implementering van IFRS 9 het gelei tot die daling in totale ekwiteit van R441 miljoen op 1 Januarie 2018. Die impak word grootliks veroorsaak deur die erkenning van die verwagte kredietverliese in verwante entiteite sowel as in sekere geïsoleerde gevalle waar die erkenning en meting van sekere finansiële instrumente geraak is.

Die meerderheid finansiële bates is ingevolge IAS 39 gemeet teen billike waarde deur wins en verlies. Finansiële bates sal voortaan ingevolge IFRS 9 op dieselfde wyse gemeet word, óf omdat dit so vereis word deur IFRS 9, óf omdat dit as sodanig bestempel ("designated") word.

Die veranderinge in klassifikasie en meting is as volg:

- Sekere finansiële bates, hoofsaaklik rentedraende beleggings wat voorheen ingevolge IAS 39 teen geamortiseerde koste gedra is, is geherklassifiseer na billike waarde deur wins en verlies a.g.v. die implementering van IFRS 9. Die impak van die herklassifikasie is 'n toename in die behoue verdienste-beginsaldo van R6 miljoen.
- Die verandering in billike waarde toeskryfbaar aan die verandering in kredietrisiko van finansiële laste, geklassifiseer as teen billike waarde deur wins en verlies, word aangebied in ander omvattende inkomste, ingevolge IFRS 9. Die beweging in waarde van hierdie instrumente veroorsaak deur hierdie verandering in kredietrisiko was nie wesenlik in die huidige periode nie.

## 8. Hersamestellings (vervolg)

### 8.1 IFRS-oorgangaanpassings (vervolg)

*Waardedaling van finansiële bates:*
Die Groep het bepaal, gebaseer op die waardedalingsmetodologie hierbo bespreek, dat die toepassing van IFRS 9 se waardedalingsvereistes op 1 Januarie 2018 tot addisionele waardedalings van 'n paar ekwiteits-verantwoorde geassosieerde maatskappye gelei het.

Die totale impak op die drawaarde van geassosieerde maatskappye en behoue verdienste op 1 Januarie 2018 was 'n negatiewe R428 miljoen. Die impak van die toepassing van die verwagte kredietverliese-model op die filiale het tot 'n daling in netto bate waarde van R19 miljoen gelei.

***IFRS 15 Revenue from Contracts with Customers***
Hierdie standaard hanteer die meting, klassifikasie en openbaarmaking van inkomste uit kontrakte met kliënte van die Sanlam Groep.

Die toepassing van IFRS 15 is gebasseer op die volgende kernfaktore:

- 'n Vyf-stap model word toegepas om te bepaal wanneer en teen watter bedrag inkomste vanuit kontrakte met kliënte erken moet word.
- Inkomste word erken wanneer (of soos) Sanlam 'n prestasieverpligting nakom en beheer oor die goedere of dienste aan die kliënt oorgedra word, teen die bedrag waarteen die onderneming verwag om op geregtig te wees en wat aan daardie spesifieke prestasieverpligting toegedeel is.
- Inkomste word erken, afhangende van of daar aan sekere kriteria voldoen word, óf oor tyd óf op 'n spesifieke tydstip, soos of wanneer beheer oor die goedere of dienste aan die kliënt oorgedra word.
- Meer omvangryke en gedetailleerde openbaarmaking word in terme van IFRS 15 vereis.

Die Groep het die impak van die implementering van IFRS 15 op die openingsaldo van behoue verdienste oorweeg en gevind dat daar geen impak vir die Sanlam Groep is nie.

## 8.2 Hersamestelling van Groep se Kontantvloeistaat

Die bestuur het die aanbieding van verkrygings en vervreemdings van beleggings, wat die Groep se kernbeisigheid ondersteun, in die Groep se Kontantvloeistaat herbeoordeel. Hierdie was voorheen as *Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite* geklassifiseer en het 'n diskonneksie tussen bedryfs- en beleggingsaktiwiteite veroorsaak. Die diskonneksie het ontstaan omdat hierdie beleggings gefinansier word deur kontantvloei vanuit die sluiting van versekerings- en beleggingskontrakte, wat weer hanteer word as *kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite*. Die bestuur het tot die gevolgtrekking gekom dat die aanbieding van verkrygings en vervreemdings van beleggings as kontantvloei uit bedrysfaktiwiteute, die skakel tussen die vermoë om kontant te genereer uit beleggings en versekeringskontrakte en die benutting van daardie kontant in verskilende beleggings, meer akkuraat reflekteer.

| | 2017 | | |
|---|---|---|---|
| | **Soos voorheen verklaar** | **Aan-passings** | **Herstateer** |
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | 23 402 | (17 046) | 6 356 |
| **Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite** | (20 267) | 17 046 | (3 221) |
| Netto verkryging van beleggings | (17 046) | 17 046 | – |
| Verkryging van filiale en geassosieerde maatskappye | (4 917) | – | (4 917) |
| Verkoop van filiale en geassosieerde maatskappye | 1 696 | – | 1 696 |

Die bogenoemde herverklarings het geen invloed op die Groep se staat van finansiële posisie, staat van omvattende inkomste en staat van verandering in ekwiteit nie.

# KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING

**Sanlam Beperk**
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1959/001562/06)
JSE-aandelekode: SLM/NSX-aandelekode: SLA
ISIN: ZAE000070660 ("die Maatskappy" of "Sanlam")

Kennis geskied hiermee aan aandeelhouers wat op Vrydag 15 Maart 2019 in die Maatskappy se aandeleregister aangeteken is, dat die een-en-twintigste Algemene Jaarvergadering (AJV) van die aandeelhouers van Sanlam op Woensdag 5 Junie 2019 om 14:00* in die CR Louw-ouditorium, Sanlam Hoofkantoor, Strandweg 2, Bellville, Kaapstad ("die Vergadering") gehou sal word om (i) sodanige sake te bespreek soos wat wettiglik by die Vergadering bespreek mag word, en (ii) die gewone en spesiale besluite wat hierna uiteengesit word, te oorweeg en, indien goedgekeur, met of sonder wysiging te aanvaar op die wyse soos bepaal deur die Maatskappywet, 71 van 2008, soos gewysig (die Maatskappywet), soos gelees saam met die Noteringsvereistes van die JSE Beperk (JSE-noteringsvereistes) en ander aandelebeurse waarop die Maatskappy se gewone aandele genoteer is, aan welke Vergadering aandeelhouers wat op die registrasiedatum, Vrydag 24 Mei 2019, in die Maatskappy se aandeleregister aangeteken is, sal deelneem en waarby hulle sal stem.

Let asseblief daarop dat deelnemers aan die Vergadering (insluitende gevolmagtigdes) redelikerwys bevredigende identifikasie moet kan verskaf voordat hulle geregtig is om die Vergadering by te woon of daaraan te kan deelneem.

Stemgeregtigdes word toegelaat om die lokaal nie later nie as 14:00 op Woensdag 5 Junie 2019 binne te kom om te stem. Vorms van identifikasie sluit geldige identiteitsdokumente, bestuurslisensies en paspoorte in.

**Gewone besluite**
Om die volgende 11 Gewone Besluite te oorweeg en, indien goedgevind, met of sonder wysiging aan te neem:

**Persentasie steun vereis vir Gewone Besluite Nrs 1 tot 11**
Vir die aanneem van hierdie Gewone Besluite word die steun van meer as 50% (vyftig persent) van die totale getal stemme wat die aandeelhouers teenwoordig of by volmag verteenwoordig by hierdie Vergadering mag uitbring, vir elke Gewone Besluit vereis, behalwe Besluit Nr 10 waar die steun van minstens 75% (vyf-en-sewentig persent) van die totale getal stemme vereis word

1. **Gewone Besluit Nr 1 – *Voorlegging van Sanlam se jaarlikse verslagdoening***
   Om Sanlam se jaarlikse verslagdoening (wat die Geïntegreerde Verslag, Korporatiewe Bestuursverslag, Vergoedingsverslag en Finansiële Jaarstate insluit) vir die jaar geëindig 31 Desember 2018, wat soos nodig aan aandeelhouers versprei is, insluitende die gekonsolideerde nagesiene finansiële state vir die Maatskappy en sy filiale, asook die ouditeure, Ouditkomitee en direkteure se verslae voor te lê, te oorweeg en te aanvaar. Die 2018 Sanlam jaarlikse verslagdoening is aanlyn beskikbaar by www.sanlam.com.

* *Die Vergadering begin stiptelik om 14:00. As gevolg van die elektroniese stemstelsel word geen laat registrasies daardie dag toegelaat nie.*

*Rede en gevolg*
Die rede vir en gevolg van Gewone Besluit Nr 1 is om Sanlam-aandeelhouers die geleentheid te gee om Sanlam se jaarlikse verslagdoening, insluitende die gekonsolideerde nagesiene finansiële state van die Maatskappy soos vereis deur artikel 30(3)(d) van die Maatskappywet, formeel te oorweeg en te aanvaar.

**2. Gewone Besluit Nr 2 – *Heraanstelling van ouditeure***
Om Ernst & Young Geïnkorporeer, soos genomineer deur die Maatskappy se Ouditkomitee, weer as onafhanklike ouditeure van die Maatskappy aan te stel om die amp te beklee tot ná afloop van die volgende AJV van die Maatskappy. Kennis moet geneem word dat mnr C du Toit die individuele en aangewese ouditeur is wat die Maatskappy se oudit vir die finansiële jaar eindigende 31 Desember 2019 sal onderneem.

*Rede en gevolg*
Die rede vir Gewone Besluit Nr 2 is dat die Maatskappy se ouditeure ingevolge die Maatskappywet elke jaar by die AJV van die Maatskappy aangestel of heraangestel moet word.

Ooreenkomstig paragraaf 3.86 van die JSE se Noteringsvereistes het die Ouditkomitee ook die volgende oorweeg en hulle daarvan vergewis dat:

- Ernst & Young Geïnkorporeer, die onafhanklike ouditeure, as sodanig op die JSE Lys van Ouditeure en Rekeningkundige Spesialiste geakkrediteer is, en
- Bogenoemde individu en aangewese ouditeur aan die toepaslike vereistes voldoen soos bepaal in afdeling 22 van die JSE se Noteringsvereistes en nie op die JSE-lys van gediskwalifiseerde individuele ouditeure verskyn nie.

**3. Gewone Besluit Nr 3 – *Aanstelling van direkteur***
Om die volgende direkteur (Gewone Besluit Nr 3.1) wat ingevolge Klousule 26.7 van die Maatskappy se Akte van Oprigting as 'n bykomende direkteur in Sanlam se Direksie (die Direksie) aangestel is, en wat verkiesbaar is en haarself verkiesbaar stel, te kies.

*Rede en gevolg*
Die rede vir en gevolg van Gewone Besluit Nr 3.1 is om die direkteur wat ingevolge die Maatskappy se Akte van Oprigting as 'n bykomende direkteur in die Sanlam se Direksie aangestel is, te kies.

***3.1 Gewone Besluit Nr 3.1 – Verkiesing van S Zinn as direkteur***
Om S Zinn, wat ingevolge die Maatskappy se Akte van Oprigting as 'n bykomende direkteur aangestel is, en wat verkiesbaar is en haarself verkiesbaar stel, te kies.

*Naam:* Shirley Zinn (57)

Aangestel: 2018

*Kwalifikasies:* BA (Universiteit van Wes-Kaapland); Nagraadse Hoër Onderwysdiploma (Universiteit van Wes-Kaapland); BEd. (Hons.) (UNISA); MEd. (Universiteit van Wes-Kaapland); EdM. (Harvard); en Doktorsgraad in Opvoedkunde (Harvard).

*Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens- komitees:* Nie-uitvoerende Direkteure, Menslike Hulpbronne & Vergoeding.

*Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of verenigings:* Lid van die Direksies van Tuesday Consulting, Empowerment Capital, Knowledge Resources, Business Engage, Gemeenskapskas, en die Boston Consulting Group SA.

*Kundigheidsgebiede:* Finansiële markte, Menslike hulpbronne, Bemagtiging en Algemene bestuur.

Die Direksie beveel die verkiesing van hierdie direkteur aan.

**4. Gewone Besluit Nr 4 – *Herkiesing van direkteure***

Om individueel die volgende nie-uitvoerende direkteure van die Maatskappy (Gewone Besluite Nrs 4.1 tot 4.3 hieronder) wat ingevolge klousule 26.2 van die Maatskappy se Akte van Oprigting beurtelings uittree, en wat verkiesbaar is en hulself weer verkiesbaar stel, te herkies.

Direkteure wat in Gewone Besluite 4.4 en 4.5 hieronder genoem word, stel hulself vrywillig weer verkiesbaar op grond van hul lang ampstermyn. Dit is in die belang van beste praktyk en goeie korporatiewe bestuur.

- AD Botha
- SA Nkosi

***Rede en gevolg***

Die rede vir en gevolg van Gewone Besluite Nrs 4.1 tot 4.3 is om die direkteure wat ingevolge die Akte van Oprigting van die Maatskappy beurtelings uittree, te herkies.

- PT Motsepe
- KT Nondumo
- CG Swanepoel

***4.1 Gewone Besluit Nr 4.1 – Herkiesing van PT Motsepe as direkteur***

Om PT Motsepe, wat ingevolge die Akte van Oprigting van die Maatskappy beurtelings uittree, en wat verkiesbaar is en homself weer verkiesbaar stel, te herkies.

*Naam:* Patrice Motsepe (57)

*Nie-uitvoerende direkteur sedert 2004*

*Kwalifikasies*: Dr Motsepe het 'n BA-graad (Regte) (UNISWA), LLB (Wits), Doktorsgraad in Handel (Honoris Causa) (Wits), Doktorsgraad in Handel (Honoris Causa) (Universiteit Stellenbosch), Doktorsgraad in Bestuur en Handel (Honoris Causa) (Fort Hare) en 'n Doktorsgraad van

Regte (Honoris Causa) (Universiteit van Eswatini).

*Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees: Nie-uitvoerende direkteur, en lid van Nominasies- en Menslike Hulpbronne-komitees.*

*Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of verenigings:* Stigter en Uitvoerende Voorsitter van African Rainbow Minerals (ARM). Hy is ook die stigter en Voorsitter van Ubuntu-Botho Beleggings, African Rainbow Capital (ARC), African Rainbow Energy and Power (AREP) en die Voorsitter van Harmony.
*Kundigheidsgebiede:* Korporatiewe bestuur, Regte, Nakoming, Bemagtiging en Algemene en Internasionale besigheid.

Die Direksie beveel die herkiesing van hierdie direkteur aan.

***4.2 Gewone Besluit Nr 4.2 – Herkiesing van KT Nondumo as direkteur***

Om KT Nondumo, wat ingevolge die Akte van Oprigting van die Maatskappy beurtelings uittree, en wat verkiesbaar is en haarself weer verkiesbaar stel, te herkies.

*Naam:* Karabo Nondumo (40)
Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur sedert 2015
*Kwalifikasies*: BRek., HDipRek., GR (SA)

*Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees*
Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur, en lid van Oudit, Aktuariële en Finansies-, Risiko & Nakoming-, Menslike Hulpbronne en Vergoeding-, Kliëntebelange-. Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteurs- en Nominasies-komitees.

*Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of verenigings:* Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van Harmony Gold Company Ltd., Richardsbaai Steenkoolterminus, en MTN Suid-Soedan.

*Kundigheidsgebiede:* Rekeningkunde, Risiko en nakoming, Korporatiewe bestuur, Internasionale besigheid, Bemagtiging en ook Menslike hulpbronne en Vergoeding.

Die Direksie beveel die herkiesing van hierdie direkteur aan.

***4.3 Gewone Besluit Nr 4.3 – Herkiesing van CG Swanepoel as direkteur***

Om CG Swanepoel, wat ingevolge die Akte van Oprigting van die Maatskappy beurtelings uittree, en wat verkiesbaar is en homself weer verkiesbaar stel, te herkies.

*Naam:* Chris Swanepoel (68)
Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur sedert 2011
Kwalifikasies: BSc (Hons), Genoot van die Aktuariële Vereniging van Suid-Afrika (FASSA)

*Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees:*
Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van Sanlam Beperk en Sanlam Lewensversekering Beperk. Voorsitter van die Sanlam Risiko & Nakoming-komitee en die Sanlam Kliëntebelange-, Nie-uitvoerende Direkteurs- en Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteurs-komitees.

*Belangrike Sanlam-verwante posisies, direkteurskappe of verenigings:* Sanlam Persoonlike Finansies (Streeksraad).
*Kundigheidsgebiede:* Aktuarieel, Rekeningkunde, Risikobestuur, Finansiële markte en Beleggings.

Die Direksie beveel die herkiesing van hierdie direkteure aan.

***4.4 Gewone Besluit Nr 4.4 – Herkiesing van AD Botha as direkteur***

Om AD Botha, wat vrywillig uittree weens sy lang dienstyd in die direksie (meer as 9 jaar), en wat verkiesbaar is en homself weer verkiesbaar stel, te herkies.

*Naam:* Anton Botha (65)
Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur sedert 2006
Kwalifikasies: BProc, BCom Bemarking (Universiteit van Pretoria), BCom (Hons) Beleggingsbestuur (Universiteit van Johannesburg), EDP (Stanford)
*Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees:* Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur, Oudit, Aktuariële en Finansies-, Menslike Hulpbronne en Vergoeding- (Voorsitter), Risiko & Nakoming-, Nie-uitvoerende Direkteurs-, en Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteurs-komitees.
*Sanlam Groep-direkteurskappe:* Sanlam Kapitaalmarkte, Sanlam Investment Holdings, Genbel Securities.
*Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of verenigings:* Universiteit van Pretoria, Imalivest, African Rainbow Minerals.
*Kundigheidsgebiede:* Rekeningkunde, Finansiële markte en Beleggings, Algemene en Internasionale besigheid, Regte, Menslike hulpbronne en Bemarking.

Die Direksie beveel die herkiesing van hierdie direkteur aan.

***4.5 Gewone Besluit Nr 4.5 – Herkiesing van SA Nkosi as direkteur***

Om SA Nkosi, wat vrywillig uittree weens sy lang dienstyd in die direksie (meer as 9 jaar), en wat verkiesbaar is en homself weer verkiesbaar stel, te herkies.
*Naam:* Sipho Nkosi (65)
Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur sedert 2006
*Kwalifikasies:* BCom (Universiteit van Zoeloeland), Bcom (Hons) (Ekon) (UNISA), MBA (Universiteit van Massachusetts, Boston), en ’n Diploma in Bemarkingsbestuur (UNISA) en die Gevorderde Bestuur-program aan die Universiteit van Oxford.
*Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees:* Hy is die Hoof Onafhanklike Direkteur, ’n Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteur, Voorsitter van die Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteure-, Maatskaplike, Etiek en Volhoubaarheid- en Nominasies-komitees en lid van die Menslike Hulpbronne en Vergoeding-komitee.
*Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of verenigings:* Hy is tans Voorsitter van Talent10 Holdings. Hy dien as lid van die Risiko-komitee van die Raad van Wits Universiteit.

*Kundigheidsgebiede:* Finansiële markte, Volhoubaarheid, Bemagtiging, Korporatiewe bestuur, Bemarking en Algemene besigheid.

Die Direksie beveel die herkiesing van hierdie direkteur aan.

**5. Gewone Besluit Nr 5 – *Herkiesing van uitvoerende direkteur***

Om die ondergenoemde uitvoerende direkteur (Gewone Besluit 5.1 hieronder) wat in die Direksie aangestel is en wat herkiesbaar is en homself weer verkiesbaar stel, te herkies.

***Rede en gevolg***
Die Direksie het ooreengekom dat, in belang van goeie korporatiewe bestuur, uitvoerende direkteure ook beurtelings vrywillig sal uittree volgens 'n voorafbepaalde rotasieskedule. Die rede vir en gevolg van Gewone Besluit Nr 5.1 is om 'n uitvoerende direkteur wat in die Direksie aangestel is, te herkies.

***5.1 Gewone Besluit Nr 5.1 – Herkiesing van IM Kirk as uitvoerende direkteur***
*Naam:* Ian Kirk (61)
Uitvoerende direkteur sedert 2015

*Kwalifikasies:* HDip BDP en FCA (Ierland), GR (SA)

*Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees:* Groep Uitvoerende Hoof, Uitvoerende direkteur van Sanlam en Sanlam Lewens.

*Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of verenigings:* Hy is tans 'n direkteur van Santam, Shriram Capital, Afrocentric en Sanlam Lewens, and filiaaldireksies in die Sanlam Groep en die Voorsitter van die Vereniging van Spaar en Belegging Suid-Afrika (ASISA).

*Kundigheidsgebiede:* Algemene versekering, Lewensversekering, Finansiële markte en belegging, Algemene en Internasionale besigheid.

Die Direksie beveel die herkiesing van hierdie direkteur aan.

**6. Gewone Besluit Nr 6 – *Verkiesing van die lede van die Sanlam Oudit-, Aktuariële en Finansies-komitee (Ouditkomitee)***

Om individueel die volgende onafhanklike nie-uitvoerende direkteure van die Maatskappy (Gewone Besluite Nrs 6.1 tot 6.4) as lede van die Sanlam Ouditkomitee te kies tot ná afloop van die Maatskappy se volgende AJV.

***Rede en gevolg***
Die rede vir en gevolg van Gewone Besluite Nrs 6.1 tot 6.4 is dat die lede van die Ouditkomitee van die Maatskappy, synde 'n statutêre komitee, ingevolge artikel 94 (2) van die Maatskappywet deur die aandeelhouers aangestel moet word.

***6.1 Gewone Besluit Nr 6.1 – Aanstelling van AD Botha as lid van die Ouditkomitee***
*Naam:* Anton Botha (65)
Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur sedert 2006

*Kwalifikasies:* BProc (Universiteit van Pretoria), BCom (Hons) Beleggingsbestuur (Universiteit van Johannesburg), EDP (Stanford).

*Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees:* Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur, Oudit, Aktuariële en Finansies; Menslike Hulpbronne en Vergoeding (Voorsitter) en lid van die Oudit, Aktuariële en Finansies-, Risiko & Nakoming en Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteurs-komitees.

*Sanlam Groep-direkteurskappe:* Sanlam Kapitaalmarkte, Sanlam Investment Holdings, Genbel Securities.

*Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of verenigings:* Universiteit van Pretoria, Imalivest, African Rainbow Minerals.

*Kundigheidsgebiede:* Rekeningkunde, Finansiële markte en Beleggings, Algemene en Internasionale besigheid, Regte, Menslike hulpbronne en Bemarking.

***6.2 Gewone Besluit Nr 6.2 – Aanstelling van PB Hanratty as lid van die Ouditkomitee***

*Naam:* Paul Hanratty (57)
Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur sedert 2017

*Kwalifikasies:* BBusSc (Hons) (Universiteit van Kaapstad), Genoot van die Instituut van Aktuarisse (FIA), AMP (Harvard).

*Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees:* Nie-uitvoerende direkteur, voorsitter van Oudit, Aktuariële en Finansies-; Lid van Maatskaplik, Etiek en Volhoubaarheid-; Kliëntebelange-; Risiko & Nakoming-, Nie-uitvoerende Direkteurs- en Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteure-komitees.

*Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of verenigings:* MTN (JSE) NED – African Telecoms, Nie-uitvoerende Voorsitter van Intelligent Debt Management.

*Kundigheidsgebiede:* Algemene bestuur, Finansieel, Aktuarieel, Internasionale markte en Beleggings.

***6.3 Gewone Besluit Nr 6.3 – Aanstelling van M Mokoka as lid van die Ouditkomitee***

*Naam:* Mathukana Mokoka (45)
Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur sedert 2018

*Kwalifikasies:* Geoktrooieerde rekenmeester (GR) SA (Universiteit van Limpopo)

*Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees:* Oudit, Aktuariële en Finansies-; Risiko en Nakoming-, Nie-uitvoerende Direkteurs-, Risiko & Nakoming- en Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteurs-komitees.

*Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of verenigings:* Palabora Mining, Rolfes Holdings. Lid van African Women Chartered Accountants (AWCA) en die Instituut van Direkteure in Suider-Afrika (IoDSA).

*Kundigheidsgebiede:* Rekeningkunde, Finansies, Risiko en Nakoming.

***6.4 Gewone Besluit Nr 6.4 – Aanstelling van KT Nondumo as lid van die Ouditkomitee***

*Naam:* Karabo Nondumo (40)
Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur sedert 2015

*Kwalifikasies:* BRek (Universiteit van Natal), HDipRek (Universiteit van die Witwatersrand), GR (SA)

*Lidmaatskap van Sanlam- en Sanlam Lewens-komitees:* Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur en lid van die Oudit, Aktuariële en Finansies-; Risiko & Nakoming-, Menslike Hulpbronne en Vergoeding-, Kliëntebelange-, Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteurs- en Nominasies-komitees.

*Belangrike eksterne posisies, direkteurskappe of verenigings:* Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van Harmony Gold, Richardsbaai Steenkoolterminus en MTN Suid-Soedan.

*Kundigheidsgebiede:* Rekeningkunde, Risiko en nakoming, Korporatiewe bestuur, Internasionale besigheid, Bemagtiging, asook Menslike hulpbronne en vergoeding.

Die Direksie beveel die verkiesing van hierdie lede tot die Ouditkomitee aan.

**7. Gewone Besluit Nr 7 – *Adviserende stem oor die Maatskappy se Vergoedingsbeleid en die Vergoedingsimplementeringsverslag***

Aandeelhouers word versoek om ’n afsonderlike nie-bindende adviserende stem uit te bring oor die Maatskappy se Vergoedingsbeleid en die implementering daarvan soos uiteengesit op bladsy 8 tot 18 van Sanlam se Vergoedingsverslag (aanlyn beskikbaar by www.sanlam.com).

***7.1 Gewone Besluit Nr 7.1 – Nie-bindende adviserende stem oor die Maatskappy se Vergoedingsbeleid***

Besluit dat aandeelhouers by wyse van ’n nie-bindende adviserende stem die Maatskappy se Vergoedingsbeleid, soos uiteengesit op bladsy 8 tot 18, goedkeur.

***7.2 Gewone Besluit Nr 7.2 – Nie-bindende adviserende stem oor die Maatskappy se Vergoedings-implementeringsverslag***

Besluit dat aandeelhouers by wyse van ’n nie-bindende adviserende stem die Maatskappy se Vergoedings-implementeringsverslag, soos uiteengesit op bladsy 20 tot 31, goedkeur.

***Rede en gevolg***

Die King IV-verslag oor Korporatiewe Bestuur™ vir Suid-Afrika, 2016 (King IV™), Beginsel 14, Aanbevole Praktyk 37 asook paragraaf 3.84(k) van die JSE se Noteringsvereistes bepaal dat die Vergoedingsbeleid en die Vergoedingsimplementerings-verslag elke jaar by die AJV voorgelê moet word vir afsonderlike nie-bindende adviserende stemme deur aandeelhouers.

Gewone Besluit Nr 7 is slegs van ’n adviserende aard en versuim om hierdie besluit goed te keur sal dus nie enige regsgevolge hê ten opsigte van bestaande reëlings nie. Die Menslike Hulpbronne- en Vergoedingskomitee en die Direksie sal egter die uitslag van die stemmery en enige kommentaar deur aandeelhouers in ag neem by die oorweging van die Maatskappy se vergoedings-beleid. Indien 25% of meer van die stemme wat by die AJV uitgebring word teen hierdie besluite is, sal die Direksie andersdenkende aandeelhouers uitnooi om met die Vergoeding-komitee in gesprek te tree oor hul bekommernisse ooreenkomstig die bepalings van die JSE se Noteringsvereistes.

8. **Gewone Besluit Nr 8 – *Om kennis te neem van die totale vergoeding van nie-uitvoerende direkteure en uitvoerende direkteure vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2018***
   Om kennis te neem van die totale vergoeding van direkteure soos uiteengesit in Sanlam se Vergoedingsverslag (aanlyn beskikbaar by www.sanlam.com), spesifiek insluitende die vergoeding van nie-uitvoerende direkteure op bladsy 30 tot 31 en uitvoerende direkteure op bladsy 20 tot 29 vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2018.

   ***Rede en gevolg***
   Die rede vir en gevolg van Gewone Besluit Nr 8 is om kennis te neem van die vergoeding van direkteure vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2018.

9. **Gewone Besluit Nr 9 – *Om onuitgereikte gewone aandele onder die beheer van die direkteure te plaas***
   Om al die onuitgereikte gewone aandele van die Maatskappy, sowel as Sanlam-aandele wat deur filiale van die Maatskappy as onuitgereikte aandele ("tesourie- aandele") gehou word, onder die beheer te plaas van die direkteure van die Maatskappy, wat hiermee gemagtig word om tot die volgende AJV, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet en die JSE se Noteringsvereistes, sodanige onuitgereikte aandele na goeddunke en volgens sodanige bepalings en voorwaardes toe te ken en uit te reik soos en wanneer hulle dit goeddink, met dien verstande dat:

   - die totale getal gewone aandele wat toegeken en uitgereik word, en onuitgereikte aandele wat vervreem word ooreenkomstig hierdie besluit en Gewone Besluit Nr 10, beperk word tot 5% van die getal uitgereikte gewone aandele op die datum van die kennisgewing van hierdie Vergadering; en

   - enige uitgifte van gewone aandele as 'n uitgifte vir kontant soos omskryf in die JSE se Noteringsvereistes, in ooreenstemming is met die beperkings vervat in Gewone Besluit Nr 10.

   Hierdie magtiging is buite en behalwe die magtiging wat verleen is by wyse van die goedkeuring van Spesiale Besluit Nr 1 by die algemene vergadering van aandeelhouers van die Maatskappy op 12 Desember 2018.

   ***Rede en gevolg***
   Die rede vir Gewone Besluit Nr 9 is dat die Direksie ingevolge die Maatskappy se Akte van Oprigting magtiging van aandeelhouers moet verkry om aandele in die Maatskappy uit te reik en/of onuitgereikte aandele wat deur filiale van die Maatskappy gehou word, te vervreem. Nadat hierdie algemene magtiging toegestaan is, kan die Direksie van tyd tot tyd, wanneer gepas, aandele uitreik of onuitgereikte aandele vervreem soos nodig, onder meer met die oog op kapitaalverkryging en om 'n gesonde kapitaaltoereikendheids-verhouding te handhaaf. Hierdie algemene magtiging is onderhewig daaraan dat dit beperk word tot 5% van die getal uitgereikte aandele op die datum van die kennisgewing van

hierdie Vergadering, op voorwaardes wat meer volledig uiteengesit word in Gewone Besluit Nr 10.

Die algemene magtiging wat ooreenkomstig hierdie Gewone Besluit Nr 9 asook Gewone Besluit Nr 10 verleen word, is buite en behalwe die bepaalde gemagtiging wat by die Maatskappy se algemene vergadering op 12 Desember 2018 goedgekeur is ten opsigte van die uitreiking van aandele aan SU BEE Investment SPV (RF) Edms. Beperk.

**10. Gewone Besluit Nr 10 – *Algemene magtiging om aandele vir kontant uit te reik***

Om aan die direkteure die algemene magtiging te verleen om, onderhewig aan die JSE se Noteringsvereistes, soos en wanneer geskikte geleenthede ontstaan en volgens sodanige bepalings en voorwaardes soos wat hulle goeddink, gewone aandele van een (1) sent elk (of opsies waarvoor ingeskryf kan word, of sekuriteite wat in sodanige gewone aandele omskep kan word) uit te reik en Sanlam-aandele wat deur filiale van die Maatskappy as onuitgereikte aandele gehou word, te vervreem as 'n "uitgifte vir kontant" soos omskryf in die JSE se Noteringsvereistes, met dien verstande dat die totale getal gewone aandele wat ooreenkomstig hierdie besluit en Gewone Besluit Nr 9 toegeken en uitgereik word, tesame met enige onuitgereikte aandele wat ooreenkomstig Besluit Nr 9 vervreem word, beperk word tot 5% van die getal uitgereikte gewone aandele op die datum van die kennisgewing van hierdie AJV.

Om onsekerheid te voorkom, word aangeteken dat 'n pro rata regte-aanbod aan aandeelhouers nie 'n uitgifte vir kontant is soos in die JSE se Noteringsvereistes omskryf word nie en dat hierdie besluit en die beperkings hierin vervat dus nie op enige sodanige pro rata regte-aanbod aan aandeelhouers van toepassing is nie.

Dit word aangeteken dat die JSE se Noteringsvereistes tans die volgende vereistes bevat:

- dat hierdie algemene magtiging geldig is tot die Maatskappy se volgende AJV of vir 15 maande vanaf die datum waarop hierdie besluit goedgekeur is, watter een ook al eerste voorkom;
- dat die aandelesekuriteite wat die onderwerp van die uitgifte vir kontant is, van 'n klas moet wees wat reeds uitgereik is, of waar dit nie geval is nie, moet dit beperk word tot sodanige sekuriteite of regte wat omskep kan word in opsies ten opsigte van 'n klas wat reeds uitgereik is of wat sodanige opsies verteenwoordig;
- dat die totale getal gewone aandele wat ingevolge hierdie besluit toegeken en uitgereik sal word, saam met enige onuitgereikte aandele wat ingevolge hierdie Gewone Besluit Nr 10 vervreem word, beperk word tot 5% van die getal gewone uitgereikte aandele op die datum van die kennisgewing van hierdie AJV, sodanige getal synde 2 115,6 miljoen gewone aandele in die Maatskappy se uitgereikte aandelekapitaal, uitgesonderd onuitgereikte aandele;

- dat enige aandelesekuriteite wat ooreenkomstig die magtiging uitgereik word gedurende die tydperk soos bedoel in die eerste kolpunt hierbo, afgetrek moet word van sodanige getal in die vorige kolpunt;
- dat die bestaande magtiging in die geval van ’n onderverdeling of konsolidasie van uitgereikte aandelesekuriteite gedurende die tydperk soos bedoel in die eerste kolpunt hierbo, dienooreenkomstig aangepas moet word om dieselfde toekenningsverhouding te verteenwoordig;
- dat die aandelesekuriteite uitgereik word of onuitgereikte aandele vervreem word aan persone wat kwalifiseer as openbare aandeelhouers soos omskryf in die JSE se Noteringsvereistes, en nie aan verwante partye soos omskryf in die JSE se Noteringsvereistes nie;
- dat, by die vasstelling van die prys waarteen aandele ooreenkomstig hierdie magtiging uitgereik of onuitgereikte aandele vervreem word, die maksimum toegelate korting 10% van die geweegde gemiddelde verhandelingsprys van die betrokke aandele sal wees, soos bepaal oor die 30 sakedae voor die datum waarop die prys van die uitgifte of vervreemding ooreengekom is tussen die uitreiker en die party wat vir die aandele inskryf of die aandele verkry; en
- dat nadat die Maatskappy aandelesekuriteite uitgereik of onuitgereikte aandele vervreem het ooreenkomstig ’n goedgekeurde algemene uitgifte vir kontant wat op ’n kumulatiewe grondslag binne ’n finansiële jaar 5% of meer van die getal uitgereikte aandelesekuriteite voor daardie uitgifte verteenwoordig, die Maatskappy in ooreenstemming met die JSE se Noteringsvereistes ’n aankondiging met volledige besonderhede van die uitgifte moet uitreik.

***Rede en gevolg***
Om, onderhewig aan die JSE se Noteringsvereistes, algemene magtiging aan die direkteure te verleen om gewone aandele uit te reik en onuitgereikte aandele te vervreem as ’n uitgifte vir kontant soos omskryf in die JSE se Noteringsvereistes.

Die algemene magtiging wat ooreenkomstig hierdie Gewone Besluit Nr 10 asook Gewone Besluit Nr 9 verleen word, is buite en behalwe die bepaalde gemagtiging wat by die Maatskappy se algemene vergadering op 12 Desember 2018 goedgekeur is ten opsigte van die uitreiking van aandele aan SU BEE Investment SPV (RF) Edms. Beperk.

Persentasie stemme:
Vir die aanneem van Gewone Besluit Nr 10, vereis die JSE se Noteringsvereistes dat die steun verkry moet word van minstens 75% (vyf-en-sewentig persent) van die totale getal stemme wat die aandeelhouers teenwoordig of by volmag verteenwoordig by hierdie Vergadering, mag uitbring.

**11. Gewone Besluit Nr 11 – *Om enige direkteur van die Maatskappy, en waar van toepassing die Sekretaris van die Maatskappy (Maatskappysekretaris), te magtig om voorgenoemde Gewone en ondergenoemde Spesiale Besluite te implementeer***

Om enige direkteur van die Maatskappy, en waar van toepassing die Maatskappysekretaris, te magtig om alle handelinge uit te voer, alle dokumente te onderteken en alle stappe te doen wat nodig mag wees om uitvoering aan voorgenoemde Gewone en ondergenoemde Spesiale Besluite te gee.

*Rede en gevolg*

Die rede vir en gevolg van Gewone Besluit Nr 11 is om enige direkteur van die Maatskappy, en waar van toepassing die Maatskappysekretaris, te magtig om uitvoering aan die Gewone en Spesiale Besluite te gee.

## Spesiale besluite

Om die volgende drie Spesiale Besluite te oorweeg en, indien goedgevind, met of sonder wysiging aan te neem:

**Persentasie steun vereis vir Spesiale Besluite Nrs 1 tot 5**

Vir die aanneem van hierdie Spesiale Besluite word vir elke Spesiale Besluit die steun vereis van minstens 75% (vyf-en-sewentig persent) van die totale getal stemme wat die aandeelhouers teenwoordig of by volmag verteenwoordig by hierdie AJV, mag uitbring.

**A. Spesiale Besluit Nr 1 – *Goedkeuring van die vergoeding van nie-uitvoerende direkteure vir hul dienste as direkteure:***

**Besluit dat:**

"Ingevolge artikel 66(9) van die Maatskappywet word die betaling van die vergoeding vir hul dienste as nie-uitvoerende direkteure van Sanlam, soos uiteengesit in die onderstaande tabel, goedgekeur vir die tydperk 1 Julie 2019 tot 30 Junie 2020. Hierdie verhogings verteenwoordig 'n gemiddelde verhoging van 6% in die gelde van toepassing op die 12 maande tot 30 Junie 2019 vir direkteure wat in Suid-Afrika woon, behalwe daardie verhogings wat aanbeveel is as gevolg van 'n onafhanklike opname van die Sanlam-direksie se gelde, en mag aangepas word met enige bedrag aan belasting op toegevoegde waarde (BTW) in soverre dit van toepassing is."

### Nie-uitvoerende direkteure se gelde vir 2019/2020

| **Direkteure/Komitees** |
|---|
| Voorsitter |
| Ondervoorsitter[1] |
| Hoof Onafhanklike Direkteur |
| Nie-uitvoerende Direkteure |
| Nie-inwonende Nie-uitvoerende Direkteure |
| Voorsitter van Oudit-, Aktuariële en Finansies-komitee |
| Lid van Oudit-, Aktuariële en Finansies-komitee |
| Voorsitter van Risiko & Nakoming-komitee |
| Lid van Risiko & Nakoming-komitee |
| Voorsitter van Menslike Hulpbronne en Vergoeding-komitee |
| Lid van Menslike Hulpbronne en Vergoeding-komitee |
| Voorsitter van Kliëntebelange-komitee |
| Lid van Kliëntebelange-komitee |
| Voorsitter van Maatskaplike, Etiek en Volhoubaarheid-komitee |
| Lid van Maatskaplike, Etiek en Volhoubaarheid-komitee |
| Voorsitter van Nominasies-komitee |
| Lid van Nominasies-komitee |
| Spesiale ad hoc-komitees |

***Geen***

(1) *Op grond van markrigpunt het die posisie jaarlikse retensiegeld en bywoningsgeld van onderskeidelik R687 177 en R40 093 geregverdig. Op versoek van die Ondervoorsitter sal Sanlam die verskil tussen die markrigpunt en die nie-uitvoerende direkteure se gelde wat hierbo uiteengesit word, vir 'n geskikte filantropiese doel aanwend.*

***Rede en gevolg***

Die rede vir en gevolg van Spesiale Besluit Nr 1 is om die berekeningsgrondslag van die vergoeding deur die Maatskappy betaalbaar aan sy nie-uitvoerende direkteure vir hul dienste as direkteure van die Maatskappy vir die tydperk 1 Julie 2019 tot 30 Junie 2020 goed te keur. Uitvoerende direkteure van die Maatskappy ontvang nie enige vergoeding vir hul dienste as direkteure van die Maatskappy nie.

### B. Spesiale Besluit Nr 2 – *Algemene magtiging om finansiële bystand te verleen ingevolge Artikel 44 van die Maatskappywet*

**Besluit dat:**

"As algemene goedkeuring kan die Direksie van die Maatskappy te eniger tyd en van tyd tot tyd gedurende die 2 (twee) jaar ná die aanneem hiervan die Maatskappy ingevolge van en onderhewig aan die bepalings van Artikel 44 van die Maatskappywet magtig om by wyse van 'n waarborg of die verskaffing van sekuriteit finansiële bystand te verleen aan enige

| | Jaarlikse gelde 2018/19 | Bywonings-geld per vergadering 2018/19 | Jaarlikse gelde 2019/20 | Bywonings-geld per vergadering 2019/20 |
|---|---|---|---|---|
| | R2 957 063 | Geen | R3 134 487 | Geen |
| | R526 411 | R30 714 | R557 996 | R32 557 |
| | R648 280 | R37 824 | R687 177 | R40 093 |
| | R345 999 | R30 281 | R366 759 | R32 098 |
| | R761 197 | R66 618 | R806 869 | R70 615 |
| | R423 061 | Geen | R448 445 | Geen |
| | R211 531 | Geen | R224 223 | Geen |
| | R423 061 | Geen | R448 445 | Geen |
| | R211 531 | Geen | R224 223 | Geen |
| | R322 617 | Geen | R341 974 | Geen |
| | R161 309 | Geen | R170 988 | Geen |
| | R238 853 | Geen | R253 184 | Geen |
| | R119 426 | Geen | R126 592 | Geen |
| | R238 853 | Geen | R253 184 | Geen |
| | R119 426 | Geen | R126 592 | Geen |
| | R213 738 | Geen | R226 562 | Geen |
| | R119 426 | Geen | R126 592 | Geen |
| | Geen | R21 738 | Geen | R23 042 |

party, behalwe ’n direkteur of voorgeskrewe amptenaar van die Maatskappy of sy filiale, vir die doel van of in verband met die inskrywing op of koop van enige aandele wat deur ’n filiaal van die Maatskappy uitgereik is of gaan word, op sodanige bepalings en voorwaardes soos die Direksie mag bepaal.” Die algemene goedkeuring is buite en behalwe die bepaalde goedkeuring vir die verlening van finansiële bystand soos bedoel in Artikel 44 van die Maatskappywet by wyse van Spesiale Besluite 2 en 3 wat by die algemene vergadering van aandeelhouers van die Maatskappy op 12 Desember 2018 aanvaar is.

*Rede en gevolg*
As ’n noodsaaklike deel van die bedryf van die Sanlam Groep se besigheid moet die Maatskappy van tyd tot tyd finansiële bystand aan partye verleen by wyse van ’n waarborg of die verskaffing van sekuriteit ten opsigte van aandele wat deur ’n filiaal van die Maatskappy uitgereik is of uitgereik gaan word.

Ingevolge die Maatskappywet moet maatskappye die goedkeuring van hul aandeelhouers by wyse van 'n spesiale besluit verkry ten einde finansiële bystand te verleen aan enige party bedoel in Artikel 44(2) van die Maatskappywet. Die Maatskappy verlang dus algemene goedkeuring vir die Direksie van die Maatskappy om die verskaffing van finansiële bystand deur die Maatskappy by wyse van 'n waarborg of die verskaffing van sekuriteit ten opgiste van aandele wat te eniger tyd en van tyd tot tyd gedurende die tydperk van 2 (twee) jaar vanaf die datum van die Spesiale Besluit deur 'n filiaal van die Maatskappy uitgereik is of uitgereik gaan word, te magtig.

Die algemene goedkeuring wat ooreenkomstig hierdie Spesiale Besluit verleen word, is buite en behalwe die bepaalde goedkeuring ingevolge Artikel 44 van die Maatskappywet soos goedgekeur by die vergadering van die Maatskappy se aandeelhouers op 12 Desember 2018 (die "2018-AV") en die Maatskappy bly gemagtig om die tersaaklike transaksies ooreenkomstig die goedkeuring van die 2018-AV te implementeer in die mate waartoe dit nie op die datum van hierdie AJV geïmplementeer is nie.

**C. Spesiale Besluit Nr 3 – *Algemene magtiging om finansiële bystand te verleen ingevolge Artikel 45 van die Maatskappywet***

**Besluit dat:**
"As algemene goedkeuring kan die Direksie van die Maatskappy te eniger tyd en van tyd tot tyd gedurende die 2 (twee) jaar ná die aanneem hiervan die Maatskappy ingevolge van en onderhewig aan die bepalings van Artikel 45 van die Maatskappywet magtig om enige soort direkte of indirekte finansiële hulp soos omskryf in Artikel 45 van die Maatskappywet te verleen aan filiale van die Maatskappy, op sodanige bepalings en voorwaardes en vir sodanige bedrae soos die Direksie mag bepaal. Die algemene goedkeuring is buite en behalwe die bepaalde goedkeuring vir die verlening van finansiële bystand soos bedoel in Artikel 45 van die Maatskappywet wat by wyse van Spesiale Besluite Nrs 2 en 3 verleen is en by die algemene vergadering van die Maatskappy se aandeelhouers op 12 Desember 2018 goedgekeur is."

***Rede en gevolg***
As 'n noodsaaklike deel van die bedryf van die Sanlam Groep se besigheid moet die Maatskappy van tyd tot tyd as deel van sy daaglikse bedrywighede finansiële bystand in die vorm van leningsfinansiering, waarborge of algemene finansiële bystand soos bedoel in Artikel 45 van die Maatskappywet aan filiale van die Maatskappy verleen.

Ingevolge die Maatskappywet moet maatskappye die goedkeuring van hul aandeelhouers by wyse van 'n spesiale besluit verkry ten einde finansiële bystand aan enige verwante of onderling verbonde maatskappye te verleen en die Maatskappy verlang algemene goedkeuring vir die Direksie van die Maatskappy om die verlening van alle soorte finansiële bystand deur die Maatskappy te eniger tyd en van tyd tot tyd gedurende die tydperk van 2 (twee) jaar vanaf die datum van die Spesiale Besluit aan enige sodanige verwante of onderling verbonde maatskappy soos bedoel in Artikel 45(2) van die Maatskappywet, te magtig.

Die algemene goedkeuring wat ingevolge hierdie Spesiale Besluit verleen word, is buite en behalwe die verlening van finansiële bystand kragtens die bepaalde goedkeuring ingevolge Artikel 45 van die Maatskappywet soos goedgekeur deur die Maatskappy se aandeelhouers by die 2018-AV en die Maatskappy bly gematig om die tersaaklike transaksies ooreenkomstig die goedkeuring van die 2018-AV te implementeer in die mate waartoe dit nie op die datum van hierdie AJV geïmplementeer is nie.

**D. Spesiale Besluit Nr 4 – *Magtiging aan die Maatskappy of 'n filiaal van die Maatskappy om die Maatskappy se aandele te verkry***

**Besluit dat:**
"Kragtens die Maatskappy se Akte van Oprigting verleen die aandeelhouers van die Maatskappy hiermee algemene goedkeuring vir:

(a) die koop van enige van sy aandele deur die Maatskappy of enige filiaal van die Maatskappy, hetsy by wyse van 'n enkele transaksie of 'n reeks transaksies; en

(b) die koop deur en/of oordrag aan die Maatskappy van enige van sy aandele wat deur enige van sy filiale kragtens (a) hierbo gekoop is

op sodanige bepalings en voorwaardes en in sodanige hoeveelhede soos wat die Direksie van die Maatskappy of sy filiale van tyd tot tyd mag besluit, maar onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet, die Noteringsvereistes van die JSE en enige ander aandelebeurs waarop die aandele van die Maatskappy van tyd tot tyd gekwoteer of genoteer mag word, en onderhewig aan sodanige ander voorwaardes soos deur enige ander toepaslike gesagsliggaam opgelê mag word met betrekking tot aankope wat aan die JSE se Noteringsvereistes onderhewig is, met dien verstande dat:

- die magtiging slegs tot en met die datum van die Maatskappy se volgende Algemene Jaarvergadering geldig sal wees, met dien verstande dat dit nie later as 15 (vyftien) maande ná die datum van hierdie Spesiale Besluit is nie;

- gewone aandele wat ooreenkomstig (a) hierbo verkoop word, slegs deur die bestelboek van die JSE-verhandelingstelsel en sonder enige vooraf verstandhouding of reëling tussen die Maatskappy en/of die betrokke filiaal en die teenparty gekoop mag word;
- die algemene magtiging om ooreenkomstig (a) hierbo aandele in die Maatskappy te koop in enige 1 (een) finansiële jaar beperk word tot ’n maksimum van 5% (vyf persent) van die Maatskappy se uitgereikte aandelekapitaal van daardie klas op die datum wat die magtiging verleen word;
- aankope kragtens (a) hierbo nie teen ’n prys van meer as 10% (tien persent) hoër as die geweegde gemiddelde verhandelingsprys van die aandele vir die 5 (vyf) sakedae wat die datum van die aankope onmiddellik voorafgaan, mag geskied nie;
- die Maatskappy op enige tydstip slegs een agent mag aanstel om enige terugkope namens die Maatskappy of enige van sy filiale te doen;
- die Direksie van die Maatskappy besluit het om (i) die koop van aandele in die Maatskappy te magtig, (ii) dat die Maatskappy en elke tersaaklike filiaal die solvensie- en likiditeitstoets soos bedoel in die Maatskappywet geslaag het, en (iii) dat, sedert die solvensie- en likiditeitstoets toegepas is, daar geen wesentlike verandering in die finansiële posisie van die Maatskappy of enige tersaaklike filiaal was nie;
- die Maatskappy en sy filiale nie gedurende ’n verbode tydperk aandele mag terugkoop nie, tensy ’n terugkoopprogram waarin die datums en aantal aandele wat gedurende die betrokke tydperk verhandel word, vasgestel is (nie onderhewig aan verandering nie) en voor die aanvang van die verbode tydperk skriftelik aan die JSE voorgelê is. Die Maatskappy moet voor die aanvang van die verbode tydperk ’n onafhanklike derde party, wat sy beleggingsbesluite met betrekking tot die Maatskappy se aandele onafhanklik van en onbeïnvloed deur die Maatskappy neem, opdrag gee om die terugkoopprogram wat aan die JSE voorgelê is, uit te voer;
- ’n aankondiging wat aan paragraaf 11.27 van die JSE se Noteringsvereistes voldoen deur die Maatskappy gedoen word (i) wanneer die Maatskappy en/of sy filiale gesamentlik 3% (drie persent) van die aantal gewone aandele wat uitgereik was toe die algemene magtiging verleen is, teruggekoop het, en (ii) daarna vir elke 3% (drie persent) in totaal van die aanvanklike aantal gewone aandele wat uitgereik was toe die algemene magtiging verleen is, deur die Maatskappy en/of sy filiale verkry is; en

- Besonderhede van aandele wat gedurende die verslagtydperk teruggekoop is in die Jaarlikse Finansiële State geopenbaar sal word ooreenkomstig paragraaf 8.63(o) van die JSE se Noteringsvereistes."

*Rede en gevolg*
Die rede vir en gevolg van Spesiale Besluit Nr 3 is om algemene magtiging te verleen om die Maatskappy, of enige van die Maatskappy se filiale, in staat te stel om aandele te verkry wat deur die Maatskappy uitgereik is, insluitende die daaropvolgende aankoop deur of oordrag aan die Maatskappy van sodanige aandele wat deur enige filiaal gehou word.

**E. Spesiale Besluit Nr 5 – *Om die Trustakte van die Sanlam Beperk Aandele-aansporingstrust te wysig***

**Besluit dat:**
"Die wysigings wat hieronder uiteengesit word ten opsigte van

i. die Trustakte van die Sanlam Beperk Aandele-aansporingskema wat gestig en in 1998 deur aandeelhouers van die Maatskappy goedgekeur is en soos gewysig (die "Aanvanklike Aansporingsplan"); en

ii. as gevolg van sodanige wysigings elkeen van –

a) die Uitgestelde Aandeleplan;

b) die Prestasie Uitgestelde Aandeleplan; en

c) die Beperkte Aandeleplan,
wat gestig en in 2008 deur aandeelhouers van die Maatskappy goedgekeur is (die "2008 Aansporingsplanne"),

hiermee goedgekeur word met ingang van 1 Januarie 2019 ooreenkomstig die Maatskappy se Akte van Oprigting en die JSE se Noteringsvereistes:

1.1 die wysiging van Klousule 1.2.39 deur dit in die geheel te skrap en met die volgende te vervang –

1.2.39 "skematoedeling" beteken soveel gewone aandele soos wat, tesame met aandele wat deur die Maatskappy en/of enige van die Maatskappy se filiale aangebied word ingevolge enige langtermyn-aansporingsplanne van die Groep ("groeptoedeling") nie 110 000 000 (eenhonderd en tien miljoen) gewone aandele oorskry nie, met dien verstande dat:

1.2.39.1. by die bepaling van die aantal gewone aandele wat op enige bepaalde tydstip vir die doeleindes van hierdie 1.2.39 aangewend word, die volgende uitgesluit word:

1.2.39.1.1. aandele wat voor 1 Januarie 2019 aan 'n begunstigde gebied en deur 'n begunstigde aanvaar is maar ná hierdie datum gelewer word;

1.2.39.1.2. enige aandeel wat as gevolg van die verval of verbeurdverklaring daarvan nie gelewer is nie;

1.2.39.2 'n maksimum groeptoedeling van 11 000 000 (elf miljoen) aandele gedurende enige finansiële jaar aangebied mag word;

1.2.39.3 enige verhoging in die skematoedeling waarna in hierdie 1.2.39 verwys word, vooraf goedkeuring van aandeelhouers vereis op die grondslag voorgeskryf in die JSE se Noteringsvereistes;

1.2.39.4 in geval van 'n wesentlike verandering of herorganisering van die Maatskappy of sy aandelekapitaal soos in klousule 25 in die vooruitsig gestel en indien die aandele wat reeds aan 'n begunstigde ooreenkomstig klousule 25 gebied is, gewysig word, 'n soortgelyke wysiging ook in die skematoedeling en die monetêre perke waarna in hierdie 1.2.39 verwys word, aangebring moet word soos wat die ouditeure of 'n gepaste beleggingsbank wat as deskundiges, en nie as arbiters nie, optree, sertifiseer as synde onder die omstandighede billik en redelik te wees;

1.2 die skrapping van Klousule 16.1 in die geheel en die vervanging daarvan met die volgende:

"16.1 ten opsigte van toekennings wat aan een werknemer gedoen word as deel van alle groeptoedelings, sodanige toekennings nie 5 000 000 (vyf miljoen) gewone aandele in totaal mag oorskry nie, onderhewig daaraan dat vir die doel van die bepaling van die aanwending van hierdie limiet, dit van toepassing sal wees op die wysigings vervat in 1.2.39.1 en 1.2.39.4."

*Rede en gevolg*

- Ooreenkomstig die wysigings van Skedule 14 van die JSE se Noteringsvereistes in 2008, het Sanlam se aandeelhouers in 2009 'n kumulatiewe skematoedeling van 160 miljoen gewone aandele goedgekeur op grond daarvan dat 7,5% van die destydse uitgereikte aandelekapitaal met ingang van 1 Januarie 2009 aangewend moes word vir langtermyn-aansporingsdoeleindes, met dien verstande dat die maksimum toedeling gedurende enige finansiële jaar nie 16 miljoen gewone aandele mag oorskry nie. Toe die voorstel geformuleer is, was die goedgekeurde skematoedelingslimiet bedoel om kapasiteit te voorsien vir die Aanvanklike Aansporingsplan en die 2008 Aansporingsplanne vir 'n tydperk van 10 jaar.

- Omsigtige toepassing van die algemene beleid om Sanlam-aandele ooreenkomstig hierdie langtermyn-aansporingsplanne toe te ken, het tot gevolg gehad dat minder as 50% van die goedgekeurde kapasiteit oor die afgelope 10 jaar sedert 2009 aangewend is.
- Alhoewel daar voldoende kapasiteit oor is kragtens die skematoedeling wat in 2009 goedgekeur is, oorskry die oorspronklike aantal aandele wat vir aanwending onder die skematodeling goedgekeur is, huidige beste praktyk. Ná samesprekings met institusionele beleggers en adviseurs wat volmag het om te stem, en in die lig van die feit dat die oorspronklike bedoelde 10 jaar verstryk het, het Sanlam se Direksie besluit om die totale skematoedeling van 160 miljoen aandele tot 110 miljoen te verminder. Dit is in ooreenstemming met internasionale beste praktyk van 5% van 'n maatskappy se uitgereikte aandelekapitaal. Gevolglik stel hulle voor dat die jaarlikse aanwending van die huidige 16 miljoen tot 11 miljoen verminder word en die toedeling vir enige individu tot 5 miljoen aandele (voorheen 6,5 miljoen) beperk word.
- Indien die aandeelhouers die besluit goedkeur, sal die skematoedelingslimiet ingevolge die goedgekeurde 2009-besluit verval en met nuwe limiete vervang word, anders sal die bestaande limiete in plek bly totdat die skematoedeling ten volle aangewend is.

**Verklaring deur Direksie**
Die Direksie sal slegs die koop van die Maatskappy se aandele magtig en implementeer indien heersende toestande dit regverdig.

Ná oorweging van die uitwerking van die maksimum aantal aankope het die Direksie redelikerwys tot die gevolgtrekking gekom dat met betrekking tot aankope wat aan die JSE se Noteringsvereistes onderhewig is:

- die Maatskappy ná 'n verkryging steeds aan die JSE se Noteringsvereistes aangaande aandeelhouer-verspreidingsvereistes sal voldoen;
- die Maatskappy en sy filiale hul skuld soos dit in die gewone verloop van sake betaalbaar word, vir 'n tydperk van 12 (twaalf) maande ná die datum van kennisgewing van die AJV van die Maatskappy sal kan betaal;
- die bates van die Maatskappy en sy filiale die verpligtinge van die Maatskappy en sy filiale vir 'n tydperk van 12 (twaalf) maande ná die datum van hierdie kennisgewing van die Maatskappy se AJV sal oorskry;

- die uitgereikte aandelekapitaal en reserwes van die Maatskappy en sy filiale vir 'n tydperk van 12 (twaalf) maande ná die datum van hierdie kennisgewing van die Maatskappy se AJV voldoende sal wees vir die besigheidsdoeleindes van die Maatskappy en sy filiale;
- die Maatskappy en sy filiale vir 'n tydperk van 12 (twaalf) maande ná die datum van hierdie kennisgewing van die Maatskappy se AJV voldoende bedryfskapitaal vir gewone besigheidsdoeleindes sal hê.

**Openbaarmakings ingevolge paragraaf 11.26(b) van die JSE se Noteringsvereistes**
Die volgende openbaarmakings word ingevolge paragraaf 11.26(b) van die JSE se Noteringsvereistes vereis ten opsigte van aankope wat aan die JSE se Noteringsvereistes onderhewig is en wat in Sanlam se Jaarverslag verskyn en aanlyn by www.sanlam.com verskaf word vir die doeleindes van hierdie Spesiale Besluit Nr 3:

- belangrike aandeelhouers (bladsy 240 van die Geïntegreerde Verslag); die Maatskappy se aandelekapitaal (bladsy 96 van die Jaarlikse Finansiële State; en
- wesentlike veranderinge (bladsy 3 van die Jaarlikse Finansiële State).

**Direkteure se verantwoordelikheidsverklaring**
Die Direksie, wie se name op bladsye 21 tot 25 van die Korporatiewe Bestuursverslag verskyn, aanvaar gesamentlik en afsonderlik volle verantwoordelikheid vir die korrektheid van die inligting met betrekking tot Spesiale Besluit Nr 3, en verklaar dat:

- daar na hul beste wete en oortuiging geen ander feite is waarvan die weglating enige verklaring vals of misleidend sal maak nie;
- hulle alle redelike navrae in dié verband gedoen het; en dat bogenoemde Spesiale Besluit al die nodige inligting bevat.

**Die Lewenskragtigheidsverslag**
Die Lewenskragtigheidsverslag word meer volledig uiteengesit in die aanvullende verslae, wat op die Maatskappy se webwerf www.sanlam.com beskikbaar is. Dit word ingevolge Regulasie 43(5)(c) van die Maatskappywet ter tafel gelê.

**Algemene aantekeninge**

1. Die verslagdatum vir die verspreiding van die kennisgewing van die Vergadering is vasgestel as kantoorsluiting op Vrydag 15 Maart 2019.

2. Die registrasiedatum om die Vergadering by te woon, daaraan deel te neem en daarby te stem, is vasgestel as kantoorsluiting op Vrydag 24 Mei 2019. Die laaste dag vir verhandeling van die Maatskappy se aandele op die JSE om op die registrasiedatum in die aandeleregister aangeteken te wees, is dus Dinsdag 21 Mei 2019.

3. 'n Aandeelhouer wat geregtig is om die Vergadering by te woon, daaraan deel te neem en daarby te praat en te stem, mag 'n gevolmagtigde aanstel om dit namens hom of haar te doen.

4. Die stemme van aandele wat deur die Sanlam Aandele-aansporingstrust en die Maatskappy se filiale gehou word, sal nie by die Vergadering in aanmerking geneem word vir die goedkeuring van enige besluite voorgestel ingevolge die JSE se Noteringsvereistes nie.

5. Sanlam-aandeelhouers wat sertifikate vir hul gewone Sanlam-aandele hou of wat hul gewone Sanlam-aandele gedematerialiseer en in hul eie naam laat registreer het (insluitende gewone Sanlam-aandele wat in die naam van Sanlam Share Account Nominee (Edms) Beperk of Sanlam Fundshares Nominee (Edms) Beperk gehou word), maar wat nie die Vergadering kan bywoon nie en verlang om daar verteenwoordig te word, moet die ingeslote volmagvorm volgens die instruksies daarin vervat, invul en terugstuur aan die oordragsekretaris, Computershare Investor Services (Edms) Beperk, Rosebank Towers, Biermannlaan 15, Rosebank 2196 (Posbus 61051, Marshalltown 2107). Vir administratiewe doeleindes moet die volmagvorm nie later nie as 14:00 op Dinsdag 4 Junie 2019 ontvang word. Dit kan ook voor die aanvang van die Vergdering op Woensdag 5 Junie 2019 aan die Voorsitter van die Vergadering oorhandig word.

6. Aandeelhouers van gewone Sanlam-aandele wat hul gedematerialiseerde gewone Sanlam-aandele deur 'n sentrale effektebewaarplek (SEB), bank of benoemde makelaar hou (Sanlam gedematerialiseerde aandeelhouers) moet hul SEB, bank of benoemde makelaar van hul stemopdragte voorsien ooreenkomstig die reëling tussen hulle en hul SEB, bank of benoemde makelaar. Indien Sanlam gedematerialiseerde aandeelhouers hul stemme persoonlik by die AJV wil uitbring, moet hulle met hul SEB, bank of benoemde makelaar in verbinding tree om hulle van die nodige magtigingsbrief te voorsien. Sanlam aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige versuim deur die SEB, bank of benoemde makelaar in hierdie verband nie.

7. ’n Persoon wat ’n korporasie/maatskappy verteenwoordig, word nie geag ’n gevolmagtigde te wees nie aangesien sodanige korporasie/maatskappy slegs ’n Vergadering kan bywoon deur ’n persoon wat by wyse van ’n besluit behoorlik daartoe gemagtig is om as verteenwoordiger op te tree. ’n Notarieel gesertifiseerde afskrif van sodanige volmag of ander dokumentêre bewys wat die gesag aandui van die persoon wat die volmagvorm in ’n verteenwoordigende hoedanigheid onderteken, moet by die volmagvorm aangeheg word. Sodanige persoon het dieselfde regte by die AJV as die korporasie/ maatskappy wat die aandele besit.
8. ’n Aandeelhouer wie se aandele deur Sanlam Share Account Nominee (Edms) Beperk of Sanlam Fundshares Nominee (Edms) Bpk gehou word, het die reg om aan die AJV deel te neem en daarby te stem.
9. By ’n stemming deur die opsteek van hande sal elke aandeelhouer persoonlik teenwoordig of elke gevolmagtigde of behoorlik gemagtigde verteenwoordiger wat aandeelhouers verteenwoordig, slegs een stem hê, ongeag die getal aandeelhouers of aandele wat hy of sy verteenwoordig of besit.
10. As stembriewe gebruik word, sal elke aandeelhouer persoonlik teenwoordig of verteenwoordig deur ’n gevolmagtigde of behoorlik gemagtigde verteenwoordiger, slegs een stem hê vir elke Sanlam-aandeel wat sodanige aandeelhouer besit.
11. ’n Besluit wat tot stemming gebring word, sal deur die opsteek van hande beslis word, tensy daar voor of tydens die aankondiging van die uitslag van die opsteek van hande op ’n stemming per stembrief aangedring word deur enige persoon wat die reg het om by die Vergadering te stem. As op so ’n stemming per stembrief aangedring word, moet die besluit wat tot stemming gebring word per stembrief beslis word.
12. Die Maatskappy se Akte van Oprigting maak voorsiening vir ’n elektroniese stemproses, vir welke doel elektroniese handtoestelle gebruik sal word.

13. Elektroniese deelname: Aandeelhouers moet asseblief kennis neem dat hulle, of hul gevolmagtigdes, deur middel van elektroniese kommunikasie aan die Vergadering sal kan deelneem, maar nie tydens die Vergadering sal kan stem nie. Indien sodanige aandeelhouers verlang dat hul stemme by die Vergadering getel word, moet hulle optree volgens die algemene instruksies vervat in hierdie kennisgewing. Telefoonlyne sal vir dié doel beskikbaar gestel word. Aandeelhouers wat graag deur middel van elektroniese kommunikasie wil deelneem, moet sodanige versoek nie later nie as 12:00 op Vrydag 31 Mei 2019 skriftelik by die Maatskappysekretaris (sana-ullah.bray@ sanlam.co.za) indien. Die koste van die aandeelhouer se foonoproep sal vir sy of haar eie rekening wees. Die aandeelhouer bevestig dat die telekommunikasielyne deur ’n derde party verskaf word en vrywaar die Maatskappy teen enige eis wat op enige wyse voortspruit uit die gebruik of besit van die telekommunikasielyne. Aandeelhouers word vriendelik versoek om vanaf 13:50 op die dag van die AJV in te bel. Alle aandeelhouers wat graag telefonies aan die AJV wil deelneem, moet +27 21 916 3770 PIN 5500# skakel.

In opdrag van die Direksie



**Sana-Ullah Bray**
*Groepmaatskappysekretaris*

Bellville
Maart 2019

# AANDEELHOUERSDAGBOEK

| | |
|---|---|
| Einde van finansiële jaar | 31 Desember 2019 |
| Algemene Jaarvergadering | 5 Junie 2019 |

**VERSLAE**

| | |
|---|---|
| Tussentydse verslag vir 30 Junie 2019 | September 2019 |
| Aankondiging van die resultate vir die jaar geëindig 31 Desember 2018 | 6 Maart 2019 |
| Jaarverslag vir die jaar geëindig 31 Desember 2018 | 29 Maart 2019 |

**DIVIDENDE**

| | |
|---|---|
| Dividend verklaar vir 2018 | 7 Maart 2019 |
| Laaste verhandelingsdatum vir 2018-dividend | 9 April 2019 |
| Aandele verhandel sonder dividend vanaf | 10 April 2019 |
| Verslagdatum vir 2018-dividend | 12 April 2019 |
| Betaling van 2018-dividend | 15 April 2019 |
| Verklaring van dividend vir 2019 | Maart 2020 |
| Betaling van 2019-dividend | April 2020 |

Om vir die dividendberekening voorsiening te maak, sal Sanlam se aandeleregister (insluitende Sanlam se twee genomineerde maatskappye, naamlik Sanlam Share Account Nominee (Edms) Beperk en Sanlam Fundshares Nominee (Edms) Beperk tussen Woensdag 10 April 2019 en Vrydag 12 April 2019, albei datums ingesluit, vir alle oordragte, buitemarktransaksies en dematerialisering of hermaterialisering gesluit wees.

Transaksies op die JSE wat deur STRATE gedoen word, word nie deur hierdie reëling geraak nie.

# ADMINISTRASIE

**Geregistreerde naam**
Sanlam Beperk
(Registrasienommer 1959/001562/06)
(Belastingverwysingsnommer 9536/346/84/5)
JSE-aandelekode (primêre notering): SLM
NSX-aandelekode: SLA
A2X-aandelekode: SLM
ISIN: ZAE000070660
Geïnkorporeer in Suid-Afrika

**Groepmaatskappysekretaris**
Sana-Ullah Bray

**Geregistreerde Kantoor**
Strandweg 2, Bellville 7530
Suid-Afrika
Telefoon +27 (0) 21 947 9111
Faks +27 (0) 21 947 3670

**Posadres**
Posbus 1, Sanlamhof 7532

**JSE Borg**
Die Standard Bank Groep van Suid-Afrika Beperk

**Internetadres**
http://www.sanlam.co.za

**Oordragsekretaris**
Computershare Invetor Services (Eiendoms) Beperk
(Registrasienommer 2004/003647/07)
Rosebank Towers
Biermannlaan 15
Rosebank 2196
Suid-Afrika
Posbus 61051, Marshalltown
2107, Suid-Afrika
Tel +27 (0) 11 370 5000
Faks +27 (0) 11 688 5200
sanlamholders@computershare.co.za

**Direkteure**
J van Zyl (Voorsitter)
PT Motsepe (Ondervoorsitter)
SA Nkosi (Hoof Onafhanklike Direkteur)
IM Kirk (Groep Uitvoerende Hoof)
HC Werth (Finansiële Direkteur)
PB Hanratty, AD Botha, RV Simelane, KT Nondumo,
CG Swanepoel, M Mokoka, TI Mvusi, S Zinn

GREYMATTER & FINCH # 13068

www.sanlam.com